

Die Dwaling Van Die Apostelsekte.



Deur: F. W. Werner

DIE NAAM

Hierdie sekte is bekend onder verskillende name, soos: "Die Twaalf" "Apostels," of ook "Die Twaalf Apostel Kerk."

Later in sy geskiedenis, soos ons sal sien, word dit genoem: *"Die Nieu-Apostoliese Kerk"* en die *"Ou Apostoliese Kerk."*

DIE GESKIEDENIS

Vir die oorsprong van hierdie dwaling moet ons teruggaan tot Edward Irving, gebore in Augustus 1792. Hy was predikant van die Skotse Presbiteriaanse Kerk te Londen.

In 1822 kom Irving in aanraking met 'n godsdienstige groep, gestig deur die bankier Drummond. Irving word, nadat hy tot leier gekies is, die siel van die beweging. Hy het gewys op die afvalligheid van die kerk, en wys op die naderende koms van Christus en profeteer dat die wereld-einde in 1864 sal plaasvind. Irving word later deur sy kerk geskors vanweë sy dwaalleer insake die menslike natuur van Christus, as gevolg waarvan hy vir bogenoemde groep 'n eie kerk stig.

Irving het egter nie Apostel geword nie, maar wel ene Cardale, 'n advokaat, terwyl Irving later tot "engel" benoem is: In 1833 word nog ses gemeentes in Londen gestig.

Op twee-en-veertigjarige leeftyd is Irving oorlede te Glasgow (1834) nadat hy erken het dat hy soms naywerig was omdat hy dit nie verder kon bring as "engel" nie.

Na die dood van Irving is reeds vyf "apostels" benoem en in 1835 sou die twaalf voltallig wees. Op veertien Julie geskied die plegtige afsondering van die "apostels", wat voortaan sou werk vir die heil van die hele kerk. Vir 'n jaar gaan die twaalf "apostels" saam met sewe "profete" na Albury, die landgoed van Drummond, om daar die Bybel te ondersoek. Op 15 Julie 1836 verdeel die twaalf "apostels" die hele Christendom onder hulle en elkeen kry 'n "stam" waaruit hy 12,000 verseëldes moet versamel. Aan Cardale word die "stam Juda," dit is Engeland, toegewys. Daarna gaan elkeen, vergesels van 'n profeet, evangelis, herder en leraar, om sy "stam" te besoek.

Op hierdie wyse brei die arbeidskring uit na verskillende lande maar veral in Duitsland. Gaandeweg het daar stryd en verdeeldheid in die apostelkerk gekom. Verskeie "apostels" is oorlede, en Mackenzie, een van die twaalf wat Noorwee en Swede as sy arbeidsveld ontvang het, begin twyfel aan sy apostelskap. Gevolglik onttrek hy hom aan die kring. Ook was daar groot teleurstelling weens die feit dat Christus se wederkoms nie plaasgevind het op die tye wat deur die "apostels" voorspel is nie, soos bv. 1835, 1838, 1842, 1845 en 1855. Dan ook die bewering dat die wederkoms sou plaasvind voordat die twaalf

"apostels" sterf, is deur die feite geloënstraf. In 1901 is Wood-house, die laaste van hierdie "apostels," oorlede en daarna het die Irvingianisme 'n kwynende bestaan gevoer. Geyer, die "profeet" van Berlyn, het gemeen dat die oopgevalle plekke van oorlede "apostels" weer aangevul moes word. Nadat hy sowat vier "apostels" benoem het wat nie algemene goedkeuring weggedra het nie, word hy van sy amp in 1862 geskors. Hierna stig Geyer en die "engel" van Hamburg, ene Schwartz, 'n nuwe kerk met name: *"Herstelde Apostoliese Sending Gemeente."*

Schwartz het die leiding in hierdie nuwe beweging aangegee tot ongeveer 1895 en word aangestel as die "apostel" vir Nederland en België. Na die dood van Schwartz is Krebs aangestel as "hoofapostel." Hier vind toe weer naamverandering plaas en die beweging heet nou: *"Herstelde Apostoliese Sendinggemeente in die Eenheid van die Apostels."*

Hiervan was Krebs die vader tot 1905, toe hy opgevolg word deur Niehaus. Niehaus het hulde gebring aan Krebs deur te verklaar dat hy met die Krebsgees vervul is en ook met Krebsvet ingesmeer is. Met die afsterwe van Krebs het Niehaus die woorde van Jes. 53 op hom toegepas: *"As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal hy 'n nakroos sien,"* ens.

Klibbe was die eerste leier in Suid-Afrika. Terwyl hy eenmaal op besoek na Europa was, neem ene Schlaphoff waar, maar met sy terugkeer wou laasgenoemde nie weer die amp neerlê nie. Dit het as gevolg 'n hooggeregshofspraak en in Desember 1926 is die skeuring 'n voldonge feit. (Skrywer van hierdie boekie is in besit van 'n afskrif van die hof.)

Die volgelinge van Klibbe het die *"Ou-Apostoliese Kerk"* en die van Schlaphoff *"Die Nuwe Apostoliese Kerk."* Hierdie twee groepe is mekaar baie vyandiggesind en noem mekaar "die gevalle engele."

Aangesien die *Ou Apostoliese Kerk* en *Die Nuwe Apostoliese Kerk* in wese dieselfde is, behandel ons hulle hier tesame.

Hierteen maak die *Nuwe Apostoliese Kerk* beswaar, en beweer dat hulle geen gemeenskap of verwantskap met die *Ou Apostoliese Kerk* het nie. Die apostelamp is die kern en is hoofsaak by albei die groepe, alhoewel daar onderlinge verskille bestaan. Vir albei groepe is die "apostel" die plaasvervanger van Jesus Christus in die vlees.

"Daar is geen ander versoening met God nie dan alleen deur die apostel,"
"Die apostelamp is die rots waarop ons moet bou. Hulle is nou ons God waarop ons moet vertrou. Vandag spreek Jesus net deur Sy gestuurde apostels:" So beweer albei groepe.

In die Gesangboek van die *Nuwe Apostoliese Kerk* vind u byvoorbeeld die volgende:

"Welk een vriend is ons d'apostel, die aan Jesus plaats nu staat, en als middelaar ons gegee," ens. Hierdie lied word gesing op die wysie van: "Welk 'n vriend het ons in Jesus."

In byna elke gesang van die *Nuwe Apostoliese Kerk* word die sterflike "apostel" verheerlik op gelyke grond met die Seun van God. Ons behandel vervolgens die Kategismus van die apostelkerk, vraag en antwoord.

KATEGISMUS

Vraag 1.-Waar is die Koninkryk der hemelen? Antwoord: Die Koninkryk der hemelen is binne in u. (Luk. 17 :21-24).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Dit is moeilik om te bepaal wat hulle juiste leer omtrent die Hemel is. Hulle glo nie aan 'n Hemel waarheen die Here Jesus opgevaar het nie. Hulle glo nie aan die Hemel as die woonplek van God nie. Hulle glo dat die Hemel in hulle gemeente is. Noem vir hulle "die baie wonings" van Joh. **14 :2, dan sê hulle dat** daar drie verskillende plekke bedoel word. Vra vir hulle waar hierdie plekke is, en wat daarmee bedoel word, en hulle is nie instaat om dit te doen nie, tensy dit moontlik 'n groot "geheim " is.

Hierdie vraag is egter so gestel en die antwoord op so 'n wyse gegee dat die leser onder die indruk moet kom dat daar geen hemel is nie, wat presies is wat hulle glo. Die hemel is op die aarde en in die mens.

Ons kwoteer die teks soos dit in die Skrif gevind word:

Die koninkryk van God is binne-in julle, In die Nuwe Testament word daar dikwels melding gemaak van *die koninkryk van God* en *die koninkryk van die hemele*.

Die Koninkryk van God bestaan uit wedergebore siele (Joh. 3 :5) daarom het die Here Jesus ook Sy dissipels geleer om eers die Koninkryk van God te soek (Luk. 12:31). In Matt. 21:43 waarsku die Meester die Joodse volk dat die Koninkryk van God van hulle sal weggeneem word en aan 'n ander volk gegee word, wat, volgens Gal. 5 :22, die vrugte sal voortbring. Die Koninkryk van die Hemele andersyds is die verblyfplek van die Drie-Enige God en die eindbestemming van hulle wat die Koninkryk van God deelagtig geword het deur die wedergeboorte (Joh. 3:5; 14:1-3; II Kor. 5:1-3).

Die Griekse woord wat in Luk. 17:21 vertaal word "binne in," is "*entos*," en beteken letterlik, '*in die middel*'.

Die Meester kon sekerlik nie bedoel het dat die Koninkryk van God, geestelik, binne-in die selfregverdigende, Godverwerpende Fariseers moes wees nie.

Die Koninkryk, in sy uiterlike vorm, soos aan Dawid beloof in II Sam. 7:8-17, en deur die Profeet Sagaria beskryf is in Sag. 12:8, is deur die Jode verwerp, sodat dit, wat hierdie dispensasie betref, nie met sigbare tekens sou kom nie, maar in menseharte (Luk. 19:11-12; Hand. I :6-8; Rom. 14:17).

Op die tydstip toe die Meester gespreek het, was die Koninkryk dus werklik *in die midde* van die Fariseers in die Persoon van Christus en Sy dissipels.

As die Hemel slegs in 'n mens sou wees, sou dit beteken dat die voëls van die

Hemel in jou rondvlieg (Gen. 1 :26); dat uit jou vuur en swael sou reën (Luk. 17 :29); dat die son, maan en sterre binne-in jou is (Gen. 1: 15-17). In Matt. 22 :29 lees ons hierdie woorde: "*Julle dwaal omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.*"

Hierdie woorde is waar van die apostel-sekte. In II Kor. 12:2 lees ons die volgende woorde: "*Ek weet van 'n man in Christus ... dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.*"

Die Apostel Paulus spreek hier van 'n derde hemel. Hiervan moet ons aflei dat daar ook 'n eerste en tweede hemel is. Ruimte laat ons nie toe om die bestaan van die eerste en tweede hemel breedvoerig te behandel nie. Voldoende as ons daarop wys dat daar 'n hemel is waarheen 'n man, vermoedelik die Apostel Paulus self, heen weggeruk was, en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie.

Dit is hierdie hemel, die *derde hemel*, wat die apostel-sekte probeer ontken. Hierdie Hemel is die plek waar die Troon van God gestel is. *God is in die Hemel en jy op die aarde* (Prediker 5: 1; Matth. 5 :34). Dit is ook die plek waarheen Christus opgevaar het om vir die gelowiges plek voor te berei (Luk. 24: 51; J0h. 14 :3). Dit is ook die tuiste van die Engele (Matt. 22 :30).

Toe die Meester gedoop is in die Rivier Jordaan deur Johannes die Doper (Luk. 3 :21-22) lees ons dat: "*Die hemele geopen het, en 'n stem uit die hemele: Dit is My geliefde Seun, hoor Hom.*" As daar geen hemel is nie soos die apostel-sekte beweert, vanwaar het hierdie stem dan gekom? As hierdie sekte reg is, dan is Stefanus 'n leuenaar toe hy opgekyk het na die Hemel en gese het: "*Daar sien ek die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan*" (Hand. 7:56).

Moet ons aanneem dat die twee manne in wit klere van Hand. 1: 10, 11 'n versinsel was? "*Galiliese manne, waarom staan julle en kyk na die hemele? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.*"

Tereg skryf die Apostel Petrus die volgende woorde in II Pet. 3 :16: "*Hy (nl. Paulus) (d.w.s. in sy briewe) spreek daarin oor al hierdie dinge waarvan sommige swaar is om te verstaan wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai net soos al die ander skrifte tot hulle eie verderf*".

In Luk. 20:4 vra die Meester aan die skrifgeleerdes 'n vraag: "Die doop van Johannes, was dit uit die Hemel of uit die mense?" Van welke plek spreek die Meester nou hier as die hemel, wat volgens die apostel-sekte net in die mens is?

Wanneer hierdie sekte die hemel vir jou toesluit, maak hulle so 'n draaibeweging met die hand in die lug, en 'n soortgelyke beweging as hulle vir jou die hemel oopsluit.

As die hemel dan net in die mens bestaan, moet jy mos jou hand binne in die

mens insteek om die hemel vir hom oop of toe te sluit.

Dank God daar is 'n Hemel vir diegene wat gewas is in die Bloed van Jesus Christus, en wie se sondes deur Hom vergewe is, en nie deur 'n verganklike sogenaamde "apostel" nie.

Lees die volgende tekste: Joh. 1:51; Hand. 3:21; Open. 3:12; Open. 20:9; I Kor. 15:47; I Thess. 4:16; Jes.57:15.

KATEGISMUS

Vraag 2: *Waar is Christus te vind?*

Antwoord: Jesus sê aan Sy apostels: In die dag sal u beken dat Ek in My Vader is, en u in My en Ek in u (Joh. 14:20).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Ons haal die teks aan soos dit in die Woord van 'G0d opgeteken staan: "*In die dag sal julle weet dat Ek in My Vader is, en julle in My, en Ek in julle.*"

Die antwoord op die vraag word op so 'n wyse gegee om die leser onder die indruk te bring dat Christus net in die sogenaamde "apostels" van die apostel-sekte te vinde is, soos ons by latere vrae en antwoorde uit die kategismus sal sien.

In Joh. 14:16-20 spreek die Meester van die Heilige Gees, die Trooster wat sou kom na Sy opvaring na die Hemel, en "in die dag" (v. 20) verwys na daardie dag toe die belofte van die Heilige Gees op almal wat gewag het, neergedaal het (Hand. 2:1-4). By daardie geleentheid kon almal wat geglo het, volgens Joh. 14:12, en nie net die Apostels nie, die werklikheid van hulle geloof in Christus sien en ondervind. Die apostel-sekte beweer egter dat die Heilige Gees net op die Apostels uitgestort was, en verwys dan na 'n kantverduideliking in die ou State-bybel om hul bewering te staaf.

In Hand. 1:8 se die Here: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en Samaria." Hand 1:15 gee die getal wat bymekaar was as 120. In Hand. 2:4 lees ons: "En hulle is *almal* vervul met die Heilige Gees."

In Hand. 8: 1 lees ons dat almal verstrooi is oor Judea en Samaria, *behalwe die apostels*, en vers vier lees: "En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die Woord van die Evangelie verkondig." Hieruit is dit duidelik dat almal vervul was met die Heilige Gees. Verder is dit ook duidelik dat die Apostels nie die eerste was om die Evangelie te verkondig in Judea en Samaria nie, maar diegene wat net so vervul was met die krag van die Heilige Gees. Dit is duidelike bewys dat daar ander as net die Apostels was wat die belofte van die Heilige Gees krag ontvang het. Wat weeg nou by u die swaarste, die kanttekening van die Statebybel of die Woord van God?

As u mooi oplet dan vind u dat hulle net die tekste aanhaal waar daar van die eenheid van Christus met Sy dissipels gespreek word. Al die ander Skrifge-deeltes waar daar na die bestaan van Christus en Sy Opstanding verwys word,

word eenvoudig verswyg. As mens die Bybel so wil gebruik, of liever misbruik, kan jy enigiets daaruit bewys.

Die eenheid van Christus met Sy dissipels, en tewens ook met elke gelowige, bestaan in die Heilige Gees (Joh. 14:20; Rom. 8:9-11; I Joh. 3:24). Daarom word gesê dat Christus nie alleen in die gelowige is nie, maar dat die gelowige ook in Hom is (Fil. 4:21; I Pet. 5:14).

As dit waar is wat hierdie sekte beweër, nl. dat Christus in die Apostels gevaar het, dan was Paulus verkeerd toe hy, nadat hy en Barnabas deur die inwoners van Listre as gode aangesien was, gese het: "Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle" (Hand. 14:14).

In Luk. 24:15 lees ons uitdruklik dat Christus met Sy Hemelvaart van Sy Apostels geskei het, en nie dat Hy in hulle ingevaar het nie. In Hand 1:2, 11 sê die Engel dat Jesus net so weer sal kom as wat Hy opgeneem is, dit wil sê as 'n aparte persoon.

Ek herhaal, as hierdie sekte reg is, dan was ook Stefanus 'n leuenaar toe hy opgekyk het na die Hemel en gese het: "Daar sien ek die Hemel geopen en die **Seun van die mens aan die regterhand van God staan.**" (Hand. 7:56).

Net so moes ook al die openbarings van Johannes op die eiland Patmos blote oëverblindery gewees het. Hoe kon Johannes iemand op 'n afstand sien wat in werklikheid nie buite die Apostels bestaan het nie? (Open. 1:13, 13; 5:6; 19:13).

Na Sy opstanding het Christus 'n tasbare liggaam gehad, en het Hy self gesê dat Hy nie 'n Gees is nie (Luk. 24:36-43). As Hy nou slegs in Sy Apostels bestaan, wat het dan van daardie liggaam geword?

In Hand. 7:59 bid die sterwende Stefanus: "Here Jesus, ontvang my gees." As Jesus net in die Apostels bestaan, en alle geeste van gestorwe heiliges na die Apostels moet kom, moet die apostel vol geeste wees. En wat word nou van sulke geeste as so 'n apostel doodgaan?

Op die Damaskuspad spreek Christus met Paulus (Hand 22:7). As Christus net in die apostels was, dan moes een van die apostels daar gewees het. En tog lees ons in Hand 9:26-27 dat die apostels so verbaas was oor sy bekering dat hulle dit nie kon glo nie.

Die Apostels erken self dat die wederkoms van Christus nog moet plaasvind (1 Thess. 4:15-18; Heb. 9:28; Open. 22:20). Vanwaar moet die Here Jesus dan kom as Hy reeds op die aarde in die "apostels" is?

Nêrens gee die Apostels voor dat hulle Christus is nie, maar beskou hulself as navolgers (I Kor. 11:1); as diensknegte (Gal. 1:10); as gesante (2 Kor. 5:20). Hulle het nooit as Christus nie, maar namens Hom opgetree (Luk. 10:16).

In Gal. 4:14 verklaar die Apostel Paulus dat hulle hom ontvang het *asof hy Christus was*.

In Luk. 23:46 lees ons: "... Vader in U hande beveel Ek My Gees oor." Die Meester gee aan die Vader Sy Gees oor, en nie soos die hedendaagse,

selfaangestelde "apostels" die mense wil wysmaak dat die Gees van Christus in hulle sogenaamde "apostels" ingevaar het nie.

Omdat hierdie sekte die Here Jesus en saam met Hom God die Vader met die sondige mense vereenselwig, val hulle onder die oordeel van Rom. 1:22-23:

"Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlijkheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens."

Sulke goddelose opvattinge kan ons vandag verwag, want Christus self getuig dat daar in die laaste dae valse profete sal opstaan, en baie onder Sy Naam sal kom en se: **"Ek is die Christus, en hulle sal baie mense mislei"** (Matth. 24 :5, 24).

Is dit nie presies wat die hedendaagse "apostels" se nie? U wat kennis dra van hulle weet dat dit so is. Luister na die woorde van gesang 113, in die Gesangboek van die Nuwe Apostoliese Kerk:

*"Jesus in d' Apost' len,
Hem vertrou ik dag en nag,
Wat my ook bedreige,
Hoe de storm ook woeden mag;
In Hem ben ik sterk,
Hy bestuurt myn schreen,
Jesus in d' Apostlen,
Dien vertrou ek alleen."*

Refr.

"Jesus in d'Apost'len," ens.

Dit is 'n posisie wat selfs die Pous van Rome die "apostel" kan beny.

KATEGISMUS

Vraag 3: *Wie kan die Vader sien?*

Antwoord: *Jesus se: "Wie My gesien het, het die Vader gesien"* (Joh, 14:9).

Vraag 4: *Wie kan vir Christus vandag sien?*

Antwoord: *Jesus sê aan Sy apostels: "Die wereld sal My nie sien nie, maar julle sal My sien"* (Joh, 14:9, 19).

Vraag 5: *Waar sal Christus vandag gesien word?*

Antwoord: *Jesus sê aan Sy apostels: "Ek in u, apostels, en u in My"* (Joh. 14:20); *"In Sy woord en werk"* (Joh. 14:10, 11).

Vraag 6: *Is dit nodig dat ons Christus moet sien?*

Antwoord: *Ja, want Christus het gesê dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo mag die ewige lewe ontvang* (Joh. 6 :40).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Ons behandel hierdie vier vrae saam omdat die apostelkerk hier trag om 'n godslasterlike gedagte by die mens tuis te bring, nl. God in Christus, Christus in die "apostels", en daarom sien ek vandag Christus en die Vader as ek een

van hulle sogenaamde "apostels" sien. Die name van Christus en die Vader word dan ook met klein letters geskryf en die van die "apostels" of "apostel" met hoofletters.

As 'n "apostel" hul kerk binne stap is daar ook meeste van die tyd jongmense soos engele aangetrek wat al singend hom na die verhoog begelei. Die lied wat gesing word handel nie oOr Christus nie, maar oor **'Het heilig apostel amp.'** Alle "apostels" van die Apostelkerk word dan ook as gode vereer en bewaar jou siel as jy iets teen een van hulle sê.

Baie gou sal daar 'n hele aantal aspirant-aposteltjies uitspring wat dan deur 'n sluitende gebaar vir jou die hemel toesluit.

Gesang 170 in die Gesangboek van die Nuwe Apostoliese Kerk bevestig wat reeds hierbo gesê is.

„'k Wil u volgen, myn Apostel Waar oOk t levenspad my leidt; Waar gy voorgaat, wil ek volgen. U ten dienst altoos bereid.

Ja! wy volgen u als Leidsman, maak uw machtwoord ons niet vry? Buiten u voor ons geen leven; Blyf, Apostel! ons naby: "

Let op hoe die woorde "leidsman" en "apostel" deurgaans met 'n hoofletter geskryf word.

Ons haal aan uit Gesang 156 van dieselfde Gesangboek:

"Myn wank'le schreden sterkt d'Apostel immer my; Ja! Hy is myner siele lust, Als toevlucht steeds naby.

Ja! Myns Apostels woord dient my tot stok en staf; syn liefde en trouw zyn my ten pand tot aan- en over- 't graf."

Vergelyk hierdie gesang met Psalm 23.

Jesus het aan Sy dissipels gese: "Wie My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). Christus is die beeld van die onsienlike God (Kol. 1:15). "In Sy gestalte het Hy gekom en dit geen roof geag om aan Horn gelyk te wees nie" (Fil. 2 :6).

Ons sê dikwels van die nakomeling van 'n afgestorwene dat hy die sprekende beeld van die oorledene is omdat sy ambisies, ideale, ja, selfs sy reaksie op elke voorval, die oorledene weereens voor ons laat opleef. So kan ons ook die goedertierendheid, lankmoedigheid en liefde van God in Christus weerspieel sien, en tog was Christus nie God die

Vader nie. Die woorde van Joh. 14:19 is voor die kruisiging en opstanding van die Meester gespreek. Na Sy opstanding en voor Sy Hemelvaart het niemand Hom weer gesien nie, behalwe die gelowiges, nl. Maria Magdalena (Mark. 16:12); die twee Emmausgangers (Luk. 24: 13); die elf Apostels (Mark. 16:14); die 500 broeders (1 Kor. 15:6).

Joh. 14: **20 word net so uitgelê soos Joh. 14:9. Omdat Christus in ons lewens** ingekom het moet die eienskappe van Hom ook in ons lewens gesien word.

Joh. 6:40 word natuurlik so vertolk om in te pas in die patroon van die

"apostelkerk."

In hulle uitleg skemer die Thomas-tipe duidelik deur.

"*Sien is glo,*" se hulle, en tree hierdeur op as ywerige teenstanders van die Bybel en die geloofsleer, t.w. "*Salig is die wat nie gesien het nie, en tog geglo het*" (Joh. 20:29). "*In wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap*" (1 Pet. 1:8). Die Meester handel hier met twee groepe mense as Hy se: "*Wie die Seun sien en in Hom glo ...*" Tydens Sy wandel en bediening op aarde het skare Hom gesien, gelowig en ongelowig, maar daar sou 'n tyd aanbreek dat Hy onsienlik sou wees. Die mense wat Hom gesien het sou egter die wat Hom nie sien nie geensins voor wees nie, omdat die mens na Sy opstanding deur die geloof regverdig word (Gal. 3:24-26; Joh.20:29; Heb. 10:38; 11:1; 2 Kor. 4:18).

Die Meester het aan Thomas gese: "*Omdat jy My gesien het, Thomas het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het*" (Joh. 20:29). Rom, 10:17 lees soos volg: "*Die geloof (in Christus) is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God.*"

So het die eerste 3,000 mense tot die geloof in Christus gekom terwyl die Apostel Petrus gepreek het (Hand. 2:37-47).

KATEGISMUS

Vraag 7: *Wie kan vandag die stem van Christus hoor?*

Antwoord: *Jesus sê: "Wie, u, Apostels, hoor, die hoor My"* (Luk. 10:16); "*My skape hoor My stem*" (Joh. 10:16).

Vraag 8: *Hoe kan ons Christus vandag ontvang?*

Antwoord: *Wie een Apostel van Christus ontvang, ontvang vir Christus, en wie vir u, Apostels, verwerp, die verwerp vir My*" (Luk. 10:16).

SKRIFTLIKE VERKLARING

Die doel van hierdie twee vrae en antwoorde is glashelder. As jy 'n sogenaamde "apostel" van die apostelkerk gehoor het, het jy Christus gehoor, en as jy hom in jou huis ontvang het, het jy Christus ontvang. So redeneer hierdie krom en verdraaide geslag. As die leser egter die tekste naslaan sal u meteens opmerk dat die woord "apostel" nie daarin voorkom nie. Dit is 'n oulike set van hierdie verleiers om mense wat nie getroue Bybellesers is nie, te verstrik. Die Bybel word nie deur hulle as die Woord van God erken nie, soos ons later sal sien.

Luk. 10:16 het met die sending van die sewentig dissipels te doen en het geen verband met die sending van die twaalf nie. As ons iemand verwerp dan bedoel ons daarby dat ons die boodskap of leerstellings van so 'n persoon verwerp.

Christus het die sewentig gestuur met 'n boodskap, nl. "*Die Koninkryk van God het naby julle gekom*" (Luk. 10:1-11).

Diegene wat hierdie boodskap aangeneem het, het in Christus geglo, want dit is Sy boodskap, en die Jode het toe juis die koms van die Messias verwag. Diegene wat hierdie boodskap verwerp het, het Christus verwerp omdat dit juis Sy boodskap was (Matth. 4:17-19).

KATEGISMUS

Vraag 9: *Wie is een Apostel van Christus't*

Antwoord: Hulle is uitverkorenes en gesante, blye boodskapdraers, Engele van God, wat Christus Sy Apostels noem (Luk. 6 :13-16).

SKRIFFUURLIKE VERKLARING

Slaan u Bybel oop by die gegewe teks en u sal sien dat daar niks van die dinge voorkom wat hulle hier aangegee het nie. U sal net die name van die twaalf Apostels daar vind. Hier vind ons verdere bewys van hoe hulle die Skrifte verdraai tot hul eie verderf.

KATEGISMUS

Vraag 11: *Wat is Heilig?*

Antwoord: Heilig is afgesonderd van die wêreld in gees, in leer, in woord, in wandel en dade (1 Pet 1:15).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die apostelkerk spreek hier 'n oordeel oor hulself uit. Hulle is ten volle bewus van die feit dat die mens 'n heilige lewe moet lei, maar desnietemin bedryf van hulle voorgangers sondes soos rook en drink wat in die wêreld aangetref word onder die voorwendsel dat dit maar alles in die vlees is. Is dit dan nie die vlees van die gelowige wat onderhewig aan die Gees is nie? As iemand homself dan 'n gelowige noem en sonde en ongeregtigheid bedryf, neem ons aan dat ook sy gees daaraan onderworpe is (1 Kor. 5: 1-13). Lees veral die volgende: 1 Kor. 6:12-20.

Vraag 10 het ons oorgeslaan omdat die vraag sinneloos is.

"Waardeer word die Apostels geheilig!" vra hulle, en antwoord dan deur Joh. 17:17 aan te haal. Op die antwoord van die Meester kan geen "apostel" hom beroep nie, omdat hulle nie die Bybel, die Woord van God, erken nie, en kan dus nie aanspraak maak om geheilig te word deur die Woord van God nie. In Luk. 12:47 lees ons soos volg: *"En daardie slaaf wat die wil van die Heer geweet het en nie klaargemaak of volgens Sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word."*

In Joh. 8:31 lees ons: *"As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels: "* Die voorvereiste vir dissipelskap is dus die omhelsing van die Woord van God, en nie die woord van 'n nietige mens nie. Lees in hierdie verband Hand. 14:11-15.

In Joh. 13 :20 lees ons dat Christus sê dat diegene wat Hom ontvang ook die Vader ontvang, want Hy is die Mondstuk van die Vader (Joh, 17:8).

As 'n land die wettige gesant sou weier sou dit ook beteken dat eersgenoemde geen ruimte vir laasgenoemde op sy bodem het nie. So is dit ook met die apostelkerk. Hy het geen plek vir die Drie-Enige God nie, omdat hy Christus, die wettige Godsgesant, verwerp, en sy vertrouwe stel in 'n sterfiike mens, die "apostel".

KATEGISMUS

Vraag 12: *Watter gebooie het Christus aan Sy Apostels gegee?*

Antwoord: *Jesus sê aan Sy Apostels: Gaan uit in die hele wereld en preek die ewangeliewoord aan elke kreatuur, dit is alle nasies, tonge en tale (Mark. 16:15).*

SKRIFTUIJRLIKE VERKLARING

Christus het hier geen gebooie gegee nie, maar wel 'n bevel. 'n Bevel is 'n gesproke woord van 'n gesaghebbende wat op die toehoorders bindend is maar nie op die gesaghebbende nie. bv., 'n offisier reik die bevel "Aandag" uit aan 'n parade maar hyself hoef nie noodwendig op aandag te kom nie. Gebooie is egter wette wat uitgereik word waaraan almal onderworpe is, asook die uitreiker self. Moses het die tien gebooie gegee maar was self ook onderworpe daaraan. Dat die apostelkerk nie veel dink van die Bybel nie word bewys uit die slordige kwotering van Mark. 16:15. "Ewangeliewoord" word nerens in die Bybel aangetref nie. Dit mag vir diegene wat onbekend is met hierdie sekte baie onskuldig voorkom, maar op hierdie wyse van opsetlike verdraaiing van die Skrif word die leer van "*Daar is geen ander ewangelie behalwe die woord van 'n lewende apostel'*" gebore, soos later sal gesien word uit vrae 18, 19.

KATEGISMUS

Vraag 13: *Wat het Christus self gesê van die Apostels'?*

Antwoord: *Voorwaar se Ek u wie diegene ontvang die Ek gestuur het, die ontvang My en wie My ontvang, ontvang die Vader die My gestuur het (Joh. 13 :20).*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Let wel, die Here het hier niks van apostels gesê nie. Die Meester maak hier 'n algemene verklaring wat nie net betrekking het op die apostels nie, maar op enige persoon wat deur Hom gestuur word. Die Skrif sê: *Wie iemand ontvang.* En *iemand* spel tog sekerlik nie "apostel" nie. Sien antwoorde op vrae 7 en 8.

KATEGISMUS

Vraag 14: *Is almal wat die ewangelie verkondig uit God gesant?*

Antwoord: *Nee, want Satan self verander in 'n engel des lig, so ook sy dienaars (2 Kor. 11 :13-14).*

Vraag 15: *Waarom kan u dan Satan erken?*

Antwoord: *In sy belydenis. Wie nie erken dat Jesus Christus in die vlees*

gekom het nie, die is nie uit God nie. Satan wys op na die blou lug. Ons bely dat Jesus Christus in die apostelvles tot ons gekom het, en Apostel Paulus wys op die apostoliese gemeente en sê: " Weet u nie dat u eie liggaam (is) die tempel van die Heilige Gees? (1 Joh. 4:2-3; 1 Kor. 6:19).

Vraag 16: *Waarom word die kinders van God erken?*

Antwoord: *Aan die vrug word die boom erken. Die vrug des geeste is: Liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, matigheid (Gal. 5 :22).*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Ons behandel hierdie drie vrae saam omdat dit 'n ander leerstelling van die apostelkerk openbaar, nl. dat die Evangelie alleenlik uit die mond van een van hulle "apostels" kan kom omdat hulle bely dat

"Jesus Christus in die apostelvles gekom het." Ons kan voorwaar aan hierdie mense sê soos in 2 Kor. 11 :3-4 geskryf staan: "*Maar Ek vrees ldat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien kan bedorwe en vervreemd raak van die opregtheid van Christus.*

Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."

Die apostelkerk bring 'n mens na ons toe en se: " Hier is die Christus." Maar die Woord van God se: "*As iemand dan vir julle se: Kyk hier is die Christus of daar, moet dit nie glo nie "* (Matth. 24:23).

Die skimp wat die apostelkerk hier op die Christelike kerke werp, keer soos 'n boemerang na hulle terug, want hulle kom by mense as christenbelyers *maar hierdie katkisasieboek word weggesteek totdat iemand sorgvuldig ingesout is met die leer dan eers word so 'n boekie aan hom oorhandig om as Bybel te dien.*

2 Kor. 11: 13-14 (die antwoord op vraag 14) verwys na valse apostels. Wie is hierdie mense? 2 Kor. 10:**12 sê dit is mense wat hulle self aanbeveel, hul met hulself meet, en met hulself vergelyk.** Die Apostel Paulus kon die hedendaagse "apostelkerk" nooit beter beskryf het nie. Elke sogenaamde "bekeerling" kom by jou aan sonder die Bybel en met die storie dat hy "*die brood kom breek.*" Hy rep geen woord oor Christus nie, maar wel oor die lewendige "apostelmond" wat dan woorde van lewe sou spreek. Watter Evangelie het die *ware Apostel Paulus* verkondig? "*Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is*" (1 Kor. 1:23).

Wat is nou die kenmerke van 'n ware Apostel? In 2 Kor. 12:12 lees ons die volgende beskrywing van die ware Apostel:

" Die kentekens tog van 'n Apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur tekens en wonders en kragtige dade."

Is dit wat u in die "apostelkerk" vind?

As hulle "apostels" dan sonde kan vergewe, soos hulle beweer, waarom kan hulle nie vir die sieke sê: *Staan op en wandel* nie? Want wat is makliker om te

sê: "Jou sonde is vergewe" of "Staan op en wandel"?

Aan die verlamde man van Kapernaum het Jesus gese: "Jou sondes is jou vergewe." Hy wat die sondes kon vergewe, het ook die mag gehad om die siekte te genees. Die vergifnis van sonde en die genesing van die kranke liggaam word deur die Meester op dieselfde vlak geplaas.

Wat gebeur egter in die "Apostelkerk"? Koek en tee word daar bedien en jong seuns gebruik dit as 'n plek om van hulle wêreldse liedjies kwyt te raak. Wat gebeur andersyds in die Kerke waar jy nie die sogenaamde "apostels" vind nie?

Daar is nog manne soos Moody, Finney, Knox, Andrew Murray en veel meer wat ons nie eers hier kan noem nie; manne wat deur die krag van Gods Gees gepreek het en duisende siele vir God gewen het, mense wat in een aand hulle tabak en wyn en ander sonde versaak het om die Lewende God te dien, en nie 'n "apostel" wat sterf soos enige ander mens nie. Hoeveel krank liggame het nie al genesing gevind in ander Christelike Kerke nie, waarvan ons self ooggetuie is? Maar in die "apostelkerk" - daar is die dood.

Oordeel self, lieue leser, wie is nou die valse apostels van wie die Woord van God skryf in 2 Kor. 11:13-14?

Aspirant "aposteltjies" vra gedurig: "Waar is Jesus?" En as iemand nou hemelwaarts sou wys, dan sê hulle op spottende wyse: "Ek sien net die blou lug." Vra hulle egter waar Jesus is, wys hulle jou dadelik na hulle "apostels". Uit die volgende is dit duidelik dat selfs die Roomse Hierargie hulle nie kan oortref nie.

Gesang 136: *Uit des Apostelsmond, Jesus sprak door myn Apostel "Nu syt gy waarlik vry; U zyn de-sonden vergeven,"* ens.

I Joh. 4 :2, 3 handel oor die geboorte van Jesus in die krip van Bethle-hem waar Hy in die vlees uit die maagd Maria gebore is (Matth. 1: 18 ; 2: 1) ongeveer dertig jaar voordat daar 'n apostel gewees het. Hoe kan Jesus dan na ons toe gekom het in 'n "apostel", as Hy self die Eerste Apostel en Hoepriester was? (Heb. 3: 1).

In 1 Kor. 6:19 spreek die Apostel Paulus met die hele gemeente van Korinthe, sommige wat tot bekering gekom het onder die bediening van Apollos en Sefas (I Kor. 1:2; 3:5). Niemand sal nou kan beweer dat Apollos of Sefas een van die twaalf Apostels gewees het nie. As die Here dus in 'n Apostel na 'n mens kom, waar het hierdie mense dan die Heer gevind, aangesien hulle nie almal deur die Apostel Paulus se prediking tot bekering gekom het nie? Hierdie mense is gedoop met die Heilige Gees nadat hulle die Here Jesus aangeneem het, daarom het hulle liggame die tempels van die Heilige Gees geword, en moes dus rein bewaar word teen die sonde en vuilheid van die vlees.

Die apostelkerk ontken dat Jesus in 'n wolk opgevaar het (Hand. 1 :9), maar glo dat Hy in die Apostels ingevaar het.

Hand. 1:11 bewys egter die dwaasheid van so 'n argument, want nadat Jesus opgevaar het, het die dissipels nog steeds die lugruim ingestaar. As Jesus daarenteen in hulle ingegaan het, sou hulle sekerlik daarvan bewus gewees het. Die gelowige wat die Bybel lief het, sien godslastering in sulke argumente en glo nog, soos die Skrif sê, dat Jesus opgevaar het en nou aan die Regter-hand van die Vader sit (Heb. 1:3).

Die teks in vraag 16 is verkeerd aangehaal. Lees dit self en vergelyk dit met die Woord van God. Een van die vrugte van die Gees is GELOOF. Hierdie vrug is heeltelmal uitgeroei uit die apostelkerk as gevolg van sy leerstelling dat 'n mens moet sien voor jy glo. Lidmate van die Apostel-kerk sal nooit sien nie en daarom ook nooit glo nie.

KATEGISMUS

Vraag 17: *Wat is sonde?*

Antwoord: Alle ongehoorsaamheid is sonde.

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die Kategismus gee hierdie antwoord omdat daar vir die "apostelkerk" net *een* sonde is, en dit is om ongehoorsaam te wees aan hulle "apostels" of "oudstes" of "engele". Die Woord van God verklaar egter dat alle ongeregtigheid sonde is (1 Joh. 5:17), en onder ongeregtigheid word ingesluit al die dinge soos in Rom. 1:29-32 gevind word.

KATEGISMUS

Vraag 18: *Wie kan ons die sonde vergewe?*

Antwoord: Jesus Christus deur een lewendige Apostelmond (Joh.20:23).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Eienaardig dat die mens so lief is om terug te keer na die on-Bybelse Rooms-katolieke leerstellings, 'n toestand waaruit God die mens verlos het deur bemiddeling van die Hervorming.

Hand. 4:12 lees soos volg: *"En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie,"* Dit sluit ook die hedendaagse "apostels" in.

"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus" (1 Tim. 2 :5).

Joh. 20:23 lees soos volg: *"As julle die mense hulle sonde vergewe, dan word dit hulle vergewe, as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou:"*

Die vraag wat hom aan ons voordoet is: het Jesus ooit geleer dat ons die reg het om ander nie te vergewe nie? Die dwaling kom sodra ons die Woord van God uit verband ruk.

Matth. 6:12 is die verbandteks, en lui soos volg: *"En vergeef ons ons skulde*

soos ons ook ons skuldenaars vergewe."

Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe- tot sewemaal toe?

Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe, Matth 18:21,22.

Hieruit is dit duidelik dat as die dissipels nie vergewe nie, die Here ook nie hulle sondes sou vergewe het nie. Ook die gebed van die Meester maak dit duidelik dat ons mekaar moet vergewe, soos ons vergifnis van Hom verwag. Gestel vir een oomblik dat die mag om sondes te vergewe aan die Apostels gegee was, dan sou ons tog voorbeelde daarvan in die Skrif vind. Daar is egter nie 'n enkele voorbeeld of teks wat so iets insinueer nie, inteendeel, ons vind die teenoorgestelde. Geen apostel kon sondes as gevolg van die oortreding van Godswette vergewe nie. Tereg vra die Skrifgeleerdes:

"Wie kan sondes verge we behalwe Een, naamlik God?" (Mark. 2:7).

Die Apostel Johannes leer ons dat Christus ons sondes vergewe. *"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig"* (1 Joh. 1:9)

"En as iemand gesondig het, ons het 'n voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die regverdige" (1 Joh. 2:1). (Sien ook Kol. 2:13.) Dit is die getuïenis van die Apostel Johannes in die Bybel. Maar die heden-daagse "apostels" wil die mense wysmaak dat hulle die mens sy sonde kan vergewe. En in hulle poging om dit te bewys, verdraai hulle die Bybel, en haal hulle alle tekste verkeerd aan. Waarom sê die Apostel

Johannes nie aan die mense dat hulle as Apostels die sondes kan vergewe as iemand gesondig het nie? Waarom wys hy dan na Jesus as die Een wat sonde kan en moet vergewe?

Nadat Simon die towenaar se groot sonde geopenbaar is, het die Apostel Petrus nie aangebied om dit te vergewe nie, maar sê daarenteen die volgende: *"Bid God dat die gedagtes van jou hart jou miskien vergewe mag word"* (Hand. 8:22).

Toe Jesus die verlamde man se sondes vergewe het, het die Fariseers Hom van godslastering beskuldig (Matth, 9:2-3; Luk. 7:49; Mark. 2:7). Hierdie beskuldiging kon hulle nooit teen die Apostels inbring nie, selfs nie eers toe hulle beskuldigings voor regters moes inbring nie. Waarom kon hulle nie? Die rede is baie duidelik: daar is geen bewys in die Bybel of die geskiedenis dat hulle ooit sondes vergewe het nie. *"As 'n mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as 'n mens teen die Here sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree"* (1 Sam. 2:25).

In Hand. 10 lees ons dat die Apostel Petrus deur die Here na ene Cornelius, 'n Kaptein, gestuur word met die boodskap van God. Toe die Apostel daar aangekom het, het Cornelius hom tegemoet gegaan en voor sy voete neergeval en hom hulde bewys. Maar Petrus het hom (d.i. Cornelius) opgerig en gesê:

"Staan op, ek is self maar ook 'n mens." Waarom neem die Apostel nie hier aanbidding aan nie? Omdat God alleen aanbid moet word.

"En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die Hemele is, ook julle jul oortredings mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die Hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie " (Mark. 11 :25, 26).

Ons lees van baie krankes wat die apostels gesond gemaak het *in die Naam van die Here*, let wel, in die naam van die Here, maar van die skenking van vergifnis lees ons nêrens, Jesus het egter beide vergifnis van sonde en genesing van krankheid geskenk (Luk. 5:17-26).

As die hedendaagse "apostels" die mense se sondes kan vergewe, soos hulle daarop aanspraak maak, waarom kan hulle dan nie ook vir die sieke sê: *"Staan op, neem jou bed op en loop"* nie? Hierin word hulle onmag om sondes te vergewe duidelik geopenbaar. Laat ons onthou dat niemand die sonde wat ons teen God gepleeg het kan vergewe nie, en dat ons aan mekaar verskuldig is om wat ons teenoor mekaar gesondig het, hartelik en vryelik te vergewe (Jak. 5 :16).

Die verklaring van Joh. 20:23 moet saam ge lees word met Matth. 28: 19: "Gaan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees." " **Gaan die hele wêreld** in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word" (Mark. 16:15, 16).

Die Apostels moes die Evangelie verkondig; vergifnis van sonde deur die Evangelie bekend maak. Dit is presies wat die Apostel Petrus op Pinksterdag gedoen het. Terwyl hy gepreek het oor die kruisiging en opstanding van Christus het die skare onder oortuiging van hul sondes gekom en uitgeroep en vir Petrus en *die ander Apostels gese*: *"Wat moet ons doen, broeders?"* En Petrus se vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Elke geroepe prediker besit die mag, op voorwaarde dat die Evangelie van Jesus Christus aangeneem word, om die sondaar van vergifnis van sonde te verseker. Wanneer die sondaar Jesus aanneem as sy persoonlike Saligmaker, Hom bely as die Seun van God, as Verlosser, kan die prediker met groot vrymoedigheid aan hom sê dat sy sondes vergewe is. Maar dit moet altyd onthou word dat dit die Evangelie van Jesus Christus is wat hom vry maak, en nooit die prediker as sodanig nie. As die Apostels van die Bybel mag gehad het om sonde te vergewe, sou ons verwag het dat Petrus dit aan die skaar sou meedeel het. Intendeel wys hy na Christus in Wie se naam alleen daar vergifnis is.

KATEGISMUS

Vraag 19: *Daar die Apostels vanouds dood is, hoe ontvang ons van-dag vergifnis van sonde?*

Antwoord: *Alleenlik deur die sprekende Godsmond, want die wat God gestuur het die spreek die Woord van God (Joh. 3:34).*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Soos gewoonlik is die teks weer heeltemal verkeerd aangehaal. " *Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie*" (Joh. 3:34). Let op "**H**y" is met 'n hoofletter geskryf, en verwys na Jesus Christus wie deur God gestuur is (Joh. 3: 16), en na wie die volk moes luister as die Profeet wat deur God belowe is sover terug as Deut. 18:15-19.

Hierdie teks verwys dus na geen "sprekende mens" nie, maar na die Seun van God self. Lees ook die volgende om die regte sinsverband te kry: Joh. 3:31-26; Luk. 3:22; Matth. 17:5; Joh. 12:49.

Hierdie vraag is reeds onder vraag 18 tenvolte behandel, en verdien geen verdere kommentaar nie.

KATEGISMUS

Vraag 20: *Wat is die Woord van God?*

Antwoord: *Die Woord van God is die woord wat uit die mond van een Apostel kom. So als Apostel Paulus se: U het ons prediking aan-geneem, nie as die woord van mense nie, maar soos in waarheid die Woord van God (1 Thess. 2:13).*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Om die gesproke woord bo die geskrewe woord te stel was die oorsaak van die dwaling van Eerw. Irving, die stigter van die "apostelkerk".

Die Heilige Skrif moet altyd die basis bly waarop die prediking gebaseer word. Die "apostelkerk" probeer die indruk skep dat die Apostel Paulus gepreek het sonder enigiets as basis, maar die Bybel is ook in hierdie opsig baie duidelik. Die Apostel Paulus vra in 2 Tim. 4:13 vir Timotheus om sy boeke en perka-mente saam te bring, wat niks anders kon gewees het as die Ou Testamentiese geskrifte nie.

Wat die opvatting van die apostelsekte is aangaande die bediening van die Heilige Woord van God deur die ampsdraers, blyk uit die volgende aanhalings: "**Luie en trage herders drenken hun dorstige schapen met het vuile putwater van den Bybel,**"

Die volgelinge van Krebs spreek met groot minagting van die Bybel. "*De Bybel is gelyk aan de verdorde hooi; hoeveel beter is het versche malsche gras van de levende Apostelen voor de grazende kudde der geloovigen,*"

Die woorde van hulle "apostels" is vir hulle van groter betekenis as die Bybel,

die Woord van God. Geen wonder dat hulle in Vraag 21 nie die Bybel erken as die Woord van God nie. Hulle "apostel" geniet voorkeur bo Christus; hy word verafgod; van die Verlossingswerk van Christus word daar baie min gehoor, terwyl die werk van die "apostel" as onmisbaar op die voorgrond gehou word. Die "apostel" ontvang dan ook hierdie hulde en matig hom dit ook aan dat hy sonde kan vergewe. (Lees Hand. 12:21-23).

Oral haal die Apostels van die Bybel aan uit die ou geskrifte:

Om te bewys dat Jesus die Christus is (Hand. 2 :25-28; 8:32-35; 1 Kor. 10:1-4; 2 Kro. 4:6).

Om die Gemeente geloof te leer (Heb. 11 :1-40).

Om die band tussen geloof en werke aan te toon (Jak. 5:1-23).

Om heiligheid te leer (1 Pet. 1:16).

Om die betekenis van die Wet te leer (2 Kor. 3:3).

Die geskrewe woord word dus altyd eerste gestel en daarvandaan kom afleidings in harmonie met die Skrif.

Let op die pragtige harmonie tussen die Ou en Nuwe Testament. In die woorde van die Apostel Paulus het die gemeente dus die Woord van God erken wat reeds jare gelede deur die Profeet gespreek is, en daarom is ook sy woorde aangeneem as woorde wat van God kom (2 Kor. 4 :5).

Luister na die woorde van Gesang 84 uit die Gesangboek van die Nuwe Apostoliese Kerk:

"Treedt in het voetspoor van u Leidsman, die u voet op eeuw'ge baan; wilt, as sehapen Syner Kudde, eene richting met hem gaan, Weet het woord van u Apostel geeft u alwat nodig is; wie hem as Gezant bezydigt, valt terug in duisternis."

Die woorde "*Leidsman*," "*Gezant*" en "*Apostel*" word almal met 'n hoofletter geskryf.

"Neem dus aan het woord des levens, dat u vaders wil verkondt; laat u dat een richtsnoer we. en, kindren van Gods trou verbond! Hoe ook Satan met u worstel om dien schat dien God u gaf, klampt u vast aan uw Apostel, blyft hem trouw tot over 't graf."

In Hand. 17:1-4 lees ons dat die Apostel Paulus in Thessalonika in die Joodse Sinagoge met die volk gespreek het, en uit die *Skrifte* aangetoon het hoe Christus moes ly en uit die dode opstaan. Sommige was oortuig en het by die Apostel Paulus en Silas aangesluit.

Van Thessalonika het Paulus en Silas na Berea gegaan (Hand. 17:10-11) en die Jode toegesprek in die Sinagoge, en in die elfde vers lees ons: " Hulle (die Jode in die Sinagoge) het die woord met alle welwillendheid ontvang *en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.*"

Liewe leser, u sal opmerk dat die Apostel Paulus die mense *oortuig het uit die Skrifte*, en dan weer dat die volk die "*Skrifte ondersoek het of hierdie dinge so was.*" As die Bybel of die Skrifte 'n dooie letter is, 'n getuienis met pen en

ink geskrywe, soos die "apostelkerk" en sy valse "apostels" voorgee, waarom het die Apostel Paulus dan die mense oortuig deur aan te haal uit hierdie *dooië letter*, en die *getuïenis met pen en ink geskrywe*?

Weereens vra ons: As die Apostels van die Bybel sulke buitengewone magte besit het soos die hedendaagse "apostels" beweer, en vir hulself toeëien, waarom het die volk dan juis die woorde van die Apostel Paulus getoets by die Skrifte? Die Apostel Paulus het ook nie homself of ander Apostels verkondig nie, maar Jesus Christus wat uit die dode opgestaan het.

Die hedendaagse selfaangestelde "apostels" verwag dat intelligente mense moet glo dat hulle "apostels" se woorde moet aangeneem word bo die Woord van God. Hulle gaan voort en formuleer leerstellings sonder dat die Bybel die basis daarvan vorm, terwyl die Apostels van die Bybel gebou het op die Skrifte,

Liewe leser, kan u nog daaraan twyfel dat hierdie sekte geen Christelike Kerk kan wees nie?

KATEGISMUS

Vraag 21: *Wat ons lees in die Bybel, is dit nie ook Gods Woord?*

Antwoord: Nee, die is een testament van die letter, en Paulus sê: "Die letter maak dood, maar die Gees maak lewendig" (2 Kor. 3: 16).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Ons is bly dat die "apostelkerk" hier 'n openbare erkenning doen dat hulle nie die Bybel as die Woord van God erken nie. Dit is egter baie jammer dat mense eers nadat hulle lank onder die dwaalleer verkeer het tot die ontugtering kom.

Maar dan is die ongeregtigheid al so diep gesetel dat dit alleen die genade van die Heer is wat hulle daaruit kan losruk.

Die letter wat doodmaak verwys geensins na die Bybel nie, maar wel na die Wet wat op kliptafels geskryf was (2 Kor. 3: 7).

Die Apostel Paulus tref hier 'n vergelyking tussen die bediening van die wet wat Israel gebind het en moeilik was om te onderhou, en die bediening van Genade wat vrymaking aan ons skenk, en het niks met die "apostel" te maak nie. Die Heilige Skrif bly die waarheid, en geen hedendaagse "apostelmond" kan dit verander nie (2 Tim. 3:14-17; Rom. 15:4; 2 Pet. 1:21).

KATEGISMUS

Vraag 22: *Is die geloof in die Bybel-woord dan nie voldoende?*

Antwoord: Nee, wat die Skrif getuig van die ewige lewe, maar kan ons dit nie gee nie (Joh. 5:39).

Die teks (Joh. 5:39) is juis die teks wat teen die "apostels" getuig. Hier het ons die duidelike bewys dat die ewige lewe verkry word, nie deur 'n sogenaamde "apostelmond" nie, maar wel deur die Woord van God te ondersoek.

Die geloof in die Bybel is noodsaaklik omdat die Bybel die woorde van God spreek, en ons leer aangaande Jesus Christus wat ons mag gee om kinders van God te word.

Deur middel van die Bybel het ons die Here Jesus leer ken as die Een wat ons ons sondes vergewe as ons dit bely (I Joh. 1:9).

„Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het, en dit is die wat van My getuig” (Joh. 5 :39).

“U woord is 'n Lamp voor my voet en 'n Lig op my pad” (Psalm 119: 105).

Dit is duidelik dat ons die ewige lewe nie anders kan deelagtig word nie, as deur die Woord van God nie. As die mens die Skrifte ondersoek vind hy Jesus Christus. En wie Hom gevind het, het die ewige lewe gevind, en nie hulle wat die sogenaamde sterflike "apostel" gevind het nie.

“Ek is die opstanding en die lewe” (Joh. 11 :25).

KATEGISMUS

Vraag 23: *Waarin bestaan die ewige lewe?*

Antwoord: *Dit is die ewige lewe dat hulle u mag ken, die enigste ware God en Jesus Christus die Hy gestuur het.* (Joh. 17:3; 5:24).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die ewige lewe bestaan nie net daarin dat jy van God of Jesus Christus gehoor het nie, maar dat die mens Hom in die waarheid aangeneem het as persoonlike Saligmaker en Verlosser, en dat jy Hom gevolg het in al die waarheid. Die mens wat waarlik gered en verlos is, het 'n getuienis van die vrymakende krag van Christus. Die lied van die verlostes gaan so: *“En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is U werke ... ”* (Open. 15 :3).

Die verlostes sing die lied waarin die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, verheerlik word. In hierdie lied verheerlik hulle Hom en nie 'n sterflike "apostel" soos in die liedere van die Nuwe Apostoliese Kerk, die "apostel" verheerlik word nie.

KATEGISMUS

Vraag 24: *Wat is die wil van die Vader?*

Antwoord: *Dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo die ewige lewe mag ontvang* (Joh. 6:40).

Vraag 25: *Hoe kan ons Hom sien en in Hom glo daar Hy opgevaar het na die hemel? Waarvan kom dan die geloof?*

Antwoord: *Die geloof kom uit die gehoor en die gehoor uit die Woord van God, maar hoe sal u hoor sonder een prediker? En hoe sal hulle predik as hulle nie gestuur is nie* (Rom. 10:14-17).

Vraag 26: *Waarin bestaan die Sending van God?*

Antwoord: *Alleen in die "Apostel" Sending (natuurlik die "Apostels" van*

die "Apostelkerk").

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Soos u sal opmerk, word hier getrag om die gedagtegang van die leser met hierdie drie vrae in een rigting te stuur, nl. *iemand moet sien, dan eers kom die geloof, en die sigbare voorwerp wat die geloof meebring sou dan die "Apostel" of prediker wees.*"

Soos ons reeds gesien het in antwoorde 3-6, is dit die Thomastipe wat sulke harde woorde van die Meester uitgelok het. Die tipe wat altyd wil sien. Dit is die wil van die Vader dat alle mense tot die geloof moet kom en gered word (1 Tim. 2:3-4; 2Pet. 3 :9).

Maar dat almal sal sien voordat hulle glo is nie Bybels nie, want as ons kan sien waarom glo ons dan? Niemand kan God sien nie (Heb. 12:14).

Petrus skryf die volgende aan wedergebore siele in Galasië: *"Vir wie julle lief het, al het julle hom nie gesien nie; in wie julle, al sien julle hom nie nou nie, tog glo ..."* (1 Pet. 1:8).

Hoe het hierdie persone dan kinders van God geword as 'n mens eers moet sien? Sigbaarheid bly altyd 'n vyand van geloof, daarom is daar geen geloof in die "apostelkerk" nie.

Rom. 10:14-17 word heeltemal verkeerd aangehaal en verdraai om diegene wat nie gereelde Bybellezers is nie, te vang. Daar is by die sewentiende vers begin en terug gelees. Dit is tipies van die gang van die "apostelkerk," wat die kreeftegang met alle mense wil gaan. Die Apostel Paulus se duidelik in Rom. 10:14: *"Hoe kan hulle Hom dan aanroep, in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?"* Die orde van God is soos volg:

Preek die Evangelie van Christus.

Diegene wat van Hom hoor sal glo.

Die wat geglo het sal Hom aanroep. "Want sonder geloof is dit on-moontlik om God te behaag" (Heb. 11 :6).

Die Christen wandel deur die geloof en nie deur aanskouing nie (2 Kor. 5 :7).

Die sigbare dinge is tydelik maar die onsigbare dinge is ewig (2 Kor. 4:18).

Die sigbare "apostels" is dus tydelik, maar die onsigbare God is ewig. Daar bestaan nie so iets soos 'n "apostelsending" nie. So wil die Roomse Kerk, net soos die "apostelkerk," dit graag hê. Uit die Skrif blyk dit baie duidelik dat Jesus nie aan elf Apostels verskyn het nie soos veral die Roomse Kerk dit graag sou wou hê nie, want daar was maar net tien Apostels bymekaar. Judas en Thomas was nie teenwoordig nie. Joh. 20:24-29 lewer duidelike bewys hiervan. Lees hierdie Skrifgedeelte en u sal vind dat Thomas nie hier teenwoordig was nie. Judas het toe al lank reeds van die toneel verdwyn, en Matthias was nag nie in die plek van Judas gekies nie. Eers agt dae later (Joh. 20:26) was Thomas teenwoordig toe die Meester weereens Sy verskyning gemaak het.

Baie het vir die Meester gewerk wat nooit deur die Apostels gekies was nie, soos bv. Stefanus, Filippus wat deur die volk gekies is (Hand. 6: 1-5)..

Die Apostel Paulus is deur die Here Jesus self gestuur. Daar is ook nog Sefas en Apollos (1 Kor. 1:12), Timotheus, Silas en Titus wat ouderlinge aangestel het en tog geen Apostels was nie (Titus 1 :5).

Die Sending van God is Jesus Christus self (Joh. 3:16).

Die uiteensetting van die Saligmakende geloof vind ons in Heb. 11:1.

KATEGISMUS

Vraag 27: *Waarop is u geloof gebou?*

Antwoord: Op die fondament van die Apostels en die Profete waar-van Christus die uiterste hoeksteen is (Efe. 2 :20-22).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Daar kan sekerlik geen groter lastering ontstaan as wanneer 'n mens die Woord van God verdraai na jou eie smaak nie. As die uitleg van die "apostelkerk" reg is moes Efe. 2 :20 so geleses het: "*Gebou op die Apostels en Profete as fondament.*" Maar nou lees dit: "*Gebou op die fondament van die Apostels en Profete.*"

In 1 Kor. 3: 10-11 lees ons die volgende: "*Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie: Dit is Jesus Christus.*" Die fondament waarop die gemeente dus gebou het, is nie die Apostels nie, maar Jesus Christus, die Seun van God. Die Apostels en tewens alle Predikers van die Nuwe Testament het Jesus Christus die Fondament van hul Prediking gemaak. Waarom sluit die "apostelkerk" die Profete uit? As die Apostels die fondament is, op grond van die aangehaalde teks, dan is die Profete dit ook. So word die Skrif verdraai en net sekere gedeeltes van selfs 'n teks geneem om hulle dwaling te pro beer propageer. So behep is die mense met die naam "apostel" en die sogenaamde fondament, dat dit uiting vind selfs in die liedere wat hulle sing. Luister na die woorde van Gesang 98 van die Nuwe Apostoliese Kerk: "*Hy kent hen aan't geloove, dat op d'Apos'tlen bouwt,*" ens.

KATEGISMUS

Vraag 28: *Wat beteken die Apostelamp?*

Antwoord: Dit is die geestesamp wat ons baar tot Gods kinders. Dit is 'n amp van genade waardeur ons genade ontvang (Joh.20:23; Rom. 1:5). Dit is 'n amp van versoening wat ons met God versoen (2 Kor. 5:18-21). Dit is 'n wyse boumeestersamp van opbou van die liggaam van Christus (1 Kor. 3 :10).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

In Joh. 20:23 en Rom. 1:5 vind u niks van 'n "apostelamp" wat ons tot Gods kinders baar nie. Die uitleg van Joh. 20:23 is reeds behandel onder vraag 18. Wat die verwysing van die Godsgesante amp en die amp van versoening

betref, en waarvoor hulle 2 Kor. 5:18-21 aanhaal, sal u merk dat vers 19 die *versoeningsbediening* van vers 18 verduidelik, en wel dat God in Christus Jesus (*en let wel nie in die Apostel nie*) die wêreld met Homself versoen. Die versoeningswoord, waarvan melding gemaak word in vers 20, is die Evangelie van Jesus Christus wat aan Sy dissipels toevertrou is om te verkondig (Hand. 2 :38) en nie woorde van vergifnis wat gespreek word deur 'n hedendaagse "apostel" of Roomse Priester nie. Jesus is die enigste Middelaar (I Tim. 2:6; Hand. 4:12) en wanneer iemand 'n mens as versoening wil aanstel, glo ons hy is van die soort waarvan in Rom. 1:23-25 melding gemaak word. In 1 Kor. 3:10 spreek die Apostel glad nie van sy werk as bouer nie, maar as leer van die fondament, en let mooi op, hy waarsku ander om versigtig te wees hoe hulle op daardie fondament bou wat deur hom gelê is, naamlik Jesus Christus (vers 11). Ons werk op aarde is nie om "apostelampte" te verheerlik nie maar die naam van Jesus Christus (Hand. 4 :10-12).

KATEGISMUS

Vraag 29: *Hoekom is daar nie meer Apostels in die wêreldse kerk nie?*

Antwoord: *Omdat Apostels nie deur mense kan beroep word nie, maar alleen deur Christus, want hulle moet bekwaam gemaak word met die krag uit die hoogte en dit is nie mense werk nie maar Gods werk (2 Kor. 3:4-6; Gal. 1:1).*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Geagte leser, teen hierdie tydstip in die behandeling van die "apostel-kerk" het u al seker opgemerk dat hierdie sekte net een rigting ken en dit is die "apostel", asof daar iets geheimsinnigs aan die naam kleef. Daar is in werklikheid geen krag in die woord of naam "apostel" nie. Die woord *apostel* word afgelei van "apostolos" wat *uitgestuur* beteken. Die naam is afgelei van die amp en nie die amp van die naam nie, daarom sien ons dat, toe die Apostels ander ampte beklee het hulle ook onder ander name bekend staan. In 2 Tim. 1: 11 noem die Apostel Paulus homself: *Prediker, Apostel en Leeraar*. As hy aan sy sending dink dan is hy die *Gestuurde* of *Apostolos* (Apostel). As hy aan sy lering dink is hy 'n *Leeraar*. Petrus noem homself 'n *Mede-Ouderling*, en vermaan die ouderlinge om as herders op te tree (I Pet. 5: 1-2). Paulus het die ouderlinge van Efese laat roep en spreek hulle toe as herders en opsieners (Hand. 20: 17). Hy vermaan Timotheus om die werk van 'n Evangelis te doen (II Tim. 4 :5). Let op, nie die werk van 'n apostel nie.)

Die bevoegdheid van 'n Apostel word neergelê in 2Kor. 12: 12, en diegene wat hieraan beantwoord is ware Apostels. Goddank, jy tref hulle nog in baie Kerke aan. Hulle is nie *Naam-Apostels* nie, maar Godsmanne in woord en daad. Liewe leser, as u deur die *Gesangboek* van die *Nuwe Apostoliese Kerk* lees, kom u dadelik onder die indruk van die *Magsposisie* wat die sogenaamde "apostel" van die "Apostelkerk" onder hulle beklee. Van hom word in die

liedere gesprek as: *Godgesant, Leidsman, Verlosser*, ens.

KATEGISMUS

Vraag 30: *Waarvandaan kom die Apostels vandag?*

Antwoord: *Uit die belofte van Jesus Christus: In die end van die wêreld sal die Seun des mens Sy engele uitstuur, en Engele is gesante van God, so ook die Apostels, Engele* (Matth. 13:40-43; Gal. 4:14).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Mattheus 13 :40-43 lees soos volg: *"Net soos die onkruid dan byme-kaar gemaak en verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van die wêreld. Die Seun van die mens sal Sy Engele uitstuur en hulle die (Engele) sal uit Sy Koninkryk bymekaar maak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle gooi in die vuuroond, daar sal geween wees en gekners van tande."*

Hierdie woorde het betrekking op die laaste oordeel, en het absoluut niks te maak met "apostels" nie. Maar die hedendaagse "apostels" beweer dat dit die belofte van die Seun is en haal dan 'n gedeelte van hierdie Skrif aan, maar laat die laaste gedeelte van die Skrif weg. Hulle haal net *in die end van die wereld sal die Seun van die mens Sy Engele uitstuur* aan, die ander gedeelte lees egter, *"En hulle (die Engele) sal uit Sy Koninkryk bymekaar maak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen."*

Deur hierdie gedeelte van die Bybel aan te haal spreek die "apostel-kerk" 'n oordeel uit oor hulself. Hierdie Engele van God "verseël" nie mense soos die apostelkerk wil voorgee nie, maar maak *die struikelblokke en die wat ongeregtigheid doen* bymekaar. In die brief aan die gemeentes van Galasië wys die Apostel Paulus net daarop hoe hulle hom ontvang het. Hy sê dat hulle hom ontvang het as 'n engel van God, as Jesus Christus.

Neem ons die woord *engel* wat hier gebruik word om dit op die Apostels toe te pas, moet ons hulle ook Jesus Christus noem. Watter Godslastering!

KATEGISMUS

Vraag 31: *Wat is die bewys van 'n ware Apostel?*

Antwoord: *Die brief van Christus geskrewe deur die Gees des lewendige God* (2 Kor. 3:3) *en die mede getuienis van God* (Heb.2:4).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die Apostelkerk sny sy eie keel af met hierdie twee Skrifgedeeltes, en bewys hierdeur dat dit 'n kerk is sonder God en die Heilige Gees. om 2 Kor 3:3 reg te verstaan moet ons ook 2 Kor 2: 17 daarmee saam lees. Die Apostel is besig om die gemeente te waarsku teen die *indringers* en die *valse apostels*, en wys die gemeente daarop dat hulle hierdie vals apostels moet beoordeel volgens hulle werke of hulle uit God is (Joh. 10:37, 38).

Paulus, Apollos en Sefas is die Stigters van die gemeente in Korinthe, en *die Here het met hulle saamgewerk met wonders en tekens* (Heb. 2:4), met die gevolg dat die gemeente geglo het dat God hulle gestuur het, en hulle het Jesus aangeneem as hulle Sailmaker. As iemand 'n brief wil skryf, moet hy eers die nodige papier hê. Christus het Sy Naam in 'n figuurlike sin op die harte van die Korinthiers geskryf nadat die Evangelie boodskap deur Paulus en andere hulle na Christus ge-bring het.

Die verandering van hul lewens was die bewys van hul bekering. Sou iemand aan Paulus die bewys vra van sy Apostelskap, kon hy na die gemeente van Korinthe wys.

Ook kon hy na die werke van 'n ware Apostel verwys soos in 2 Kor. 12:12 uiteengesit is; verder sou ook gevind word:

Dat dooies opgewek is (Hand. 9:32-34).

Kreupeles het gewandel (Hand. 3:1-10).

Dat siekes genees is en duiwels uitgedryf is (Hand. 5:15-16).

'n Lam man is genees (Hand. 9:32-35).

Mense is met blindheid geslaan (Hand. 13:8-12).

In die Apostelkerk skitter hierdie werke deur hul afwesigheid.

KATEGISMUS

Vraag 32: *Wat is die bewys van die valse apostels en leraars ?*

Antwoord: Getuienis-briewe geskryf met pen en ink deur mense (2 Kor. 3:3).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die uitleg van 2 Kor. 3:3 is reeds onder vraag 20 behandel. As u met die hedendaagse "apostels" redeneer, dan merk u dadelik op dat hulle die Bybel, die Woord van God, as die brief beskou wat met pen en ink geskryf is. Almal wat die Bybel as Godswoord aanneem word deur hulle as valse apostels bestempel. Hulle gebruik die Bybel net onder 'n skyn, anders sou hulle dit nooit doen nie, daarom sal u selde een van hulle met 'n Bybel sien. Die "apostelwoord" is vir hulle die Woord van God. Geen "apostel" kan dit ontken nie. Onder vrae 21 en 22 ontken hulle dat die Bybel Godswoord is.

KATEGISMUS

Vraag 33: *Wat beteken wêreld ?*

Antwoord: Wêreldse gesindheid, vleeslike luste en wêreldse plesiere, mense die God nie ken nie, en ook geen gemeenskap met Christus het nie, die den Heer ook nie lief het nie, HOM ook nie vrees nie, en ook nie soek nie.

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Waar die Skrif van *wêreld* praat, vergeestelik die "apostelkerk" dit en beskou dit nie as aarde nie, maar wel mense wat nie aan hulle "kerk" behoort nie, daarom bestempel hulle ander kerke as wêreldse kerke. (Sien vraag 29.) U sal

opmerk dat hulle hier geen teks aanhaal nie. Is dit omdat hulle nie in die Bybel, wat hulle as Godswoord verwerp, een kon kry nie?

KATEGISMUS

Vraag 34: *Waar is die Here te vind?*

Antwoord: In sy liggaam, ook genoem die tempel van God.

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Christus is in die Hemel aan die regterhand van God (Hand. 1:10-11; Joh. 16:7-16; Heb. 1:13). Die Here Jesus het opgevaar maar die Heilige Gees het gekom om Sy plek op aarde in te neem (Joh. 16:7-12). Die bloedgewaste Christen se liggaam is die Tempel van God.

KATEGISMUS

Vraag 35: *Waar is die Tempel van God?*

Antwoord: Paulus sê tot een Apostoliese gemeente: "Weet u nie dat u die Tempel van God is nie, en dat die Gees van God in u woon nie?" (I Kor. 3: 16).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Lees self die teks en u sal sien dat dit heeltemal verkeerd aangehaal word. Dit lees soos volg: *"Weet julle nie dat julle 'n Tempel van God is nie en die Gees van God in julle woon nie?"* Die Apostel Paulus spreek hier elke lid van die gemeente afsondelik toe, en nie soos die Apostel-kerk wil voorgee, as geheel nie. In I Kor. **6:19 sê** die Apostel Paulus dat ons die Gees *van God* ontvang het (let op nie van 'n "apostel" nie) en die Gees in ons woon, dit wil sê in elke gelowige afsonderlik.

Christus het nie vir 'n gemeente of besondere kerk gesterwe nie, maar vir die hele wêreld (Joh. 3 :16).

Die eenheid van Christus met Sy Apostels en tewens ook met elke gelowige, bestaan in die Heilige Gees (Joh. 14 :20; Rom. 8 :9-11; I Joh. 3 :24). Daarom word gesê dat Christus nie alleen in die gelowige is nie, maar dat die gelowige ook in Christus is (Fil. 4 :21; I Pet. 5: 14).

KATEGISMUS

Vraag 36: *Is die Christelike Kerke nie ook die Liggaam van Christus nie?*

Antwoord: Nee, want Sy is verdeeld en Christus se Gees kan nie lewe in 'n verdeelde liggaam nie, want die Gees van God word alleen geopenbaar in die eenheid en eensgesindheid in Christus, want God is nie verdeeld nie. Hy is 'n verenigde God! (Efe. 4:4-6); en Christus is die Hoof van die liggaam, in en deur Sy Apostels, als die hoogste amp in Sy Kerk.

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

In die antwoord op hierdie vraag bereik die apostelkerk die hoogtepunt van sy dwepery. Waar daar in die Skrif melding gemaak word van Kerk of gemeente, sien dit ver oor die sektariese getwis heen na 'n versameling van gelowiges wie

se klere rein gewas is in die Bloed van Jesus Christus, en vorm die Kerk die liggaam van Christus waarvan Hyself die Hoof is (1 Joh. 1:7; Open. 7:9-14). Die Poort van die Hemel word nie vir die mens ontsluit deur een of ander kerkgenootskap nie, maar deur Christus (Efe. 1:7). Die antwoord op hierdie vraag is so bewoord om die indruk te skep, en alle "apostels" glo dit, dat daar net een egte kerk is, en wel die "apostelkerk". Watter van die *Verdeelde Apostelkerke* in Suid-Afrika is die regte?

KATEGISMUS

Vraag 37: *Waaruit bestaan die Tempel van God?*

Antwoord: *Uit lewendige stene, so moet ook die fondament lewendige stene wees want God is 'n God der lewendiges en nie van dooies nie* (Matth. 22:32).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die teks wat hier aangehaal word het niks te maak met die onderwerp wat onder bespreking is nie. Dit is 'n verdere voorbeeld van, die slinkse wyse waarop die Skrif verdraai word om die antwoord 'n skriftuurlike kleur te gee. Die uitleg van hierdie teks is duidelik: God is die God van Abraham, Isak en Jakob, want alhoewel hierdie mense na die liggaam dood is, is hulle lewendig in God (Joh. 11:25). Hulle lewe omdat hulle geglo het, en nie soos die "apostelkerk" wil voorgee nie: nl. dat die mens moet sien nie (lees Heb. 11:1,8-19; 11:20,21).

Ons kan aan die "apostelkerk" sê, soos die Meester aan die Sadduseers gesê het: *"Julle dwaal omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie"* (Matth, 22:29).

KATEGISMUS

Vraag 38: *Wie is die Lig van die wêreld?*

Antwoord: *Solank soos Christus op aarde was, was Hy die Lig van die wêreld* (Joh. 9:5). *Toe stuur Hy Sy Apostels as die Lig van die wêreld en as die Sout van die aarde* (Joh. 12:36; Matth. 5:13, 14).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Toe die Meester op die aarde was, was Hy die lig van die wêreld, maar omdat Hy nooit verander nie is Hy vandag nog die Lig van die wêreld (Heb. 13:8). Joh. 12:36, wat deur die apostels aangehaal word, verwys juis na Jesus as die Lig van die wêreld. Lees self die aangehaalde Skrifgedeelte en u sal sien dat dit selfverklarend is. Mattheus, hoofstukke 5, 6 en 7 is die bergpredikasie van Christus. By hierdie geleentheid vind ons net die name van *vier Apostels* (Matth. 4:18, 21). Die Meester het hier 'n groot skaar mense toegespreek toe Hy die woorde *"Julle is die lig van die wêreld"* en *"Julle is die sout van die aarde"* gebruik het. Matth. 5:1 lees soos volg: *"En toe Hy die skare sien: "Om te wil beweer, soos die "apostels" wil, dat hierdie woorde net aan die Apostels*

gesê was, is om 'n eie uitleg, wat bots met die Skrif, daaraan te heg. Volgens Matth. 4:18, 21 was daar alleenlik *vier* van die dissipels van die Here Jesus teenwoordig in die skaar, en waar die Meester se: *Julle is die lig van die wereld en Die sout van die aarde*, was die woorde nie net bedoel vir die vier dissipels nie, maar vir die hele skaar. Indien die apostelkerk reg is, moet ons dus aanneem dat die Meester net aan vier van Sy latere dissipels hierdie woorde gese het. Waar kry die apostelkerk dan die reg op twaalf "apostels" wat die lig en die sout is? Die hele argument is onsinnig en verdien geen verdere kommentaar nie. Christus het hier niemand gestuur, soos die "apostels" beweer nie, maar 'n algemene verklaring en lering gegee.

KATEGISMUS

Vraag 39: *Op watter wyse is die Apostel die lig van die wêreld en die sout van die aarde?*

Antwoord: *Deur hulle opklarende leer tot behoudenis.*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Waar is die Skrif vir hierdie bewering? Hulle het so 'n verwarde leerstelling, as dit een genoem kan word, dat die meeste van hulle lidmate grootliks verskil oor die punte wat hulle as belangrik beskou. Welke van die twee groepe "apostels," die Nuwe of die Oue, is nou eintlik die "uitverkorenes"? Hulle "opklarende" leer het nog nie opgeklar nie, want alles wat in die Bybel natuurlik is, is by hulle geestelik, en alles wat geestelik is, is natuurlik. Hulle vertolk dit net soos dit in hulle program pas, of soos die "apostelmond" dit wil hê. *Jesus Christus is behoudenis (saligheid)*, en nie die verdwaalde, on-Bybelse leerstelligings van die sogenaamde "apostels" nie.

KATEGISMUS

Vraag 40: *Wat is lig?*

Antwoord: *Alles wat openbaar maak is lig (Efe. 5: 13). Lig is wetenskap van God en Sy wil, sekerheid en verstaanbaarheid.*

Vraag 41: *Wat is duisternis?*

Antwoord: *Onwetenheid, onerkenenis, onversekerdheid, onverstand, twyfel, al dit is duisternis tesame met sy werke (Efe.5:11).*

Vraag 42: *Wat is geloof?*

Antwoord: *Het geloof is ene vaste grond van die dinge die men hoop en een bewys van die sake die men nie sien nie (Heb. 11:1).*

Vraag 43: *Wat is die tekens van die geloof?*

Antwoord: *In My Naam sal hulle duiwels uitwerp, met nuwe tonge sal hulle spreek, slange sal hulle opneem, en al drink Sy ook iets dodelik, dit sal hulle nie beskadig nie, hulle sal gesond word (Mark. 16:17-18).*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Vrae 40 en 41 en die antwoorde daarop is doelloos, en die woorde wat

aangehaal word staan nie so opgeteken in Efe. 5:11 nie. Lees dit self. Die antwoord op vraag 42, soos die Kategismus dit gee, behoort die oë van die hele "apostelkerk" oop te maak omdat hulle 'n teks aanhaal wat nie in die apostelkerk in die praktyk gevind word nie. Waar is die tekens? Word daar duiwels uitgewerp in die apostelkerk? Dit is die kentekens van die *ware Apostels* (2 Kor. 12:12). Die woorde van die Meester is ook in hierdie opsig waar: "*Julle praat maar doen nie*". (Matth. 23 :3).

KATEGISMUS

Vraag 44: *Wie is die ware Wynstok?*

Antwoord: *Jesus Christus is die ware Wynstok en Sy Apostels is die ranke* (Joh. 15:1-5).

Vraag 45: *Kan een wynstok sonder ranke vrugte dra?*

Antwoord: *Nee, so kan ook 'n kerk sonder Apostelen (ranke) geen druiwe vrugte dragen.*

Vraag 46: *Wie is die Landman van die wynstok?*

Antwoord: *God die Vader, die allen dinge geskape het.*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Volgens hierdie drie vrae en antwoorde insinueer die apostelkerk dat alleen 'n "apostel" 'n rank kan wees en derhalwe vrugte kan voortbring. Toe die Meester hierdie woorde gebesig het, was daar net elf Apostels bymekaar, Judas het toe alreeds van die toneel verdwyn. As die argument van die apostelkerk dus reg is, beteken dit dat die Wynstok (Christus) net elf ranke gehad het. Die Meester het gesê dat 'n rank wat nie in Hom bly nie, uitgewerp sal word. *As iemand in My nie bly nie, word by uitgewerp soos die loot en verdroog* (Joh. 15 :6).

Vanwaar, vra ons aan die apostelkerk, kry hulle die reg om twaalf lote (apostels) aan te stel, as hierdie woorde net aan die Apostels sou gesê gewees het, en daar maar net elf aanwesig gewees het? Watter een van die twaalf is dus nie 'n loot nie? Kan ons die apostelkerk daaraan herinner dat Matthias wat in die plek van Judas gekies is, en die Apostel Paulus ook nie hier teenwoordig was nie? Moet ons aanneem dat hierdie twee Apostels ook nie lote is nie? Die rede waarom die Here Jesus hierdie woorde alleenlik aan die elf dissipels gese het is omdat hulle op daardie tydstip naby die Here Jesus gewees het en die intieme gemeenskap van die Meester met Sy kinders moes verstaan, aangesien hulle die eerste sou wees om die liefde van Christus aan 'n verlore mensdom te verkondig. Die Apostel Paulus verduidelik egter juis hierdie eenheid tussen die wat tot die geloof kom en die Meester self. Elke mens wat tot bekering kom, is soos 'n loot wat ingeënt word op die Wynstok of die mak Olyfboom wat 'n tipe van Christus is (Rom. 11 :17-24). Filippus was nie 'n Apostel nie maar 'n vurige prediker en het 'n groot herlewing in Samaria teweeg gebring (Hand 8:5-14). Wat 'n kerk dus nodig

het is 'n Godsmen wat Jesus Christus vir die mense kan predik en nie 'n sogenaamde "apostel" wat homself verheerlik nie. Sodra die mens die Here Jesus aanneem sal die vrugte van die Heilige Gees, soos in Gal. 5:22 genoem, gou in die lewe gesien word.

KATEGISMUS

Vraag 47: *Wat is gebed?*

Antwoord: *Dit is 'n smeking en bede van 'n mens tot sy Skepper.*

Vraag 48: *Hoe bid ons tot so 'n Heilige God?*

Antwoord: *Ek bid in die Naam (dade) van Jesus Christus.*

Vraag 49: *Wat beteken dit te bid in die Naam van Jesus Christus?*

Antwoord: *Sy Naam is Heiland, Verlosser, Redder, Saligmaker, Liefde, Vrededors, Raad, Sterke, ens. Hy is genoem na Sy dade en werke, en so moet ons werke en dade ook gelyk soos Sy werke en dade wees, dan alleen bid ons in Sy Naam.*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Volgens die voorafgaande vrae en antwoorde is dit duidelik dat hierdie dwaalleer nie daaraan glo om jou knieë voor God te buig en in woorde te bid nie. Dit is 'n oulike set van Satan om die mens te beroof van sy grootste kragbron, nl. gebed.

Die apostelkerk glo egter as jy met iemand gepraat het oor hulle geloof dan het jy klaar gebid. Hoe belaglik tog! Wanneer daar iets gevra word moet daar noodwendig woorde wees wat uitdrukking gee aan die begeerte, of die bidder moet stom wees.

Koning Dawid gee die oplossing in Psalm 95 :5, ***"Kom laat ons aanbid en neerbuig, laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het."*** Daniel het op sy knieë geval voor sy oop venster en gebid en belydenis gedoen, as gevolg waarvan die Koning se bediendes hom gehoor en op hom afgestorm het (Dan. 6:11-14).

Die Meester het Sy dissipels geleer hoe om te bid (Matth.6 :7-13). Die antwoorde, soos verstrekk deur die apostelkerk, kan alleenlik aangeneem word deur mense wat alreeds van die waarheid afgedwaal het en nie juis omgee om nog meer onwaarheid aan te neem nie.

KATEGISMUS

Vraag 50: *Verhoor God alle gebede?*

Antwoord: *Nee, net diegene waaraan Hy Sy belofte gemaak het en wie in Sy Naam (Dade) vra (Joh. 17:23).*

Vraag 51: *Aan wie het God Sy belofte gemaak?*

Antwoord: *Alleen aan Sy Apostels en Apostoliese gelowiges.*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Joh. 17:23 is geen antwoord op vraag 50 nie. Jesus bid hier vir die eenheid van

Sy dissipels en insinueer nie dat Hy net die gebede van sekere gelowiges hoor nie. God hoor die gebede van alle Godvresende mense wat soek om Sy wil te doen (Joh. 9:31). Daar is net twee soorte gebede wat God nie antwoord nie: die gebed van die sondaar (Joh. 1:9; 9:31) (tensy die sondaar natuurlik waaragtig belydenis doen van sy sonde); en die gebed van iemand wat kwalik of verkeerd bid (Jak. 4 :3).

Dat iemand in die dade van iemand anders kan bid is natuurlik blote onsin. Wat die *belofte* van vraag 51 betref, is dit duidelik dat die apostelkerk hier saligheid in gedagte het.

Die waarheid is egter *dat almal wat die Naam van Jesus Christus aanroep sal gered word*, en nie soos die apostelkerk wil voorgee, net hulle nie (Hand. 16:31). Alle gebede wat gebid word tot die Vader in die naam van Jesus sal gehoor en geantwoord word (Joh. 14:14). Jesus Christus het die mens losgekoop van die mag van die sonde, en as ons vrymaking vra in Sy naam ontvang ons dit onmiddellik (Gal. 4:4-7; 1 Tim. 2:5-6; Open. 3:20).

KATEGISMUS

Vraag 52: *Vir wie het Christus gebid?*

Antwoord: Net vir Sy Apostes en nie vir die wêreld nie (Joh. 17:9), en ook vir die deur die Apostelwoord in Christus gelowig geword het (Joh. 17:20).

Vraag 53: *Wil ons dan sê dat Christus nie gekom het vir die ander genootskappe nie?*

Antwoord: Nee, maar alleen voor die wat in Hom geloof deur Sy Heilige Apostelamp.

Vraag 54: *Waarom dan alleen deur 'n lewendige Apostelamp?*

Antwoord: Omdat Christus die Verlosser is, deur die lewegewende Gods Woord en die Woord het Hy aan Sy Apostels toevertrou. "Ek het vir hulle u woord gegee " (Joh. 17:14).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Hierdie drie vrae en antwoorde is gebaseer op die gebed van die Here Jesus in Joh. 17, waar Hy vir die elf dissipels gebid het nadat Judas reeds weggegaan het om sy verraaiersdaad te volbring. Die apostelkerk glo egter aan twaalf apostels. Watter een het dan nie die steun van die gebed van die Meester nie?

Die waarheid is egter dat die Here Jesus hier uittree uit Sy bediening wat Hy op aarde verrig het, en dra nou Sy volgelinge op aan die Vader en ook hulle toekomstige sukses as Predikers van die Woord van God, en nie 'n "apostelwoord" nie, soos hierdie sekte dit graag sou wou hê nie (Hand. 8:5, 14).

Die saligheid van die mens is nie opgesluit in die gebede van die Here Jesus nie, maar wel in Sy Kruisdood en opstanding. Indien Christus nie aan die Kruis gesterf het nie; as die Meester nie uit die graf uit opgestaan het nie, sou die mens nog in die duisternis en sonde gewees het (Kol. 2: 13-15 ; Heb.9:11-22; 1 Joh. 1:7; 1 Kor. 15:13-15).

Die doel van die gebede van die Here Jesus op aarde vind ons in Heb. 5:7-9. Luister na die woorde van vers 9: **"En nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom geboorsaam is, 'n bewerker van die ewige verlossing geword."**

Die Here het Sy Woorde vir die Bybel Apostels gegee en daarom is die hele Nuwe Testament ook deur hulle geskrywe onder die inspirasie van die Heilige Gees. As gevolg hiervan glo ons ook aan hulle woorde, maar die sogenaamde "apostels" van die twintigste eeu het 'n godslastering geword omdat hulle toegelaat het dat die arm van vlees hul toevlug geword het. Vir hierdie rede het die Apostel Paulus sy klere geskeur toe hy sien dat die mense hom wou aanbid, want hy het geweet dat dit 'n vloek oor hom sou bring, en hy in die oë van God strafbaar sou wees (Hand. 14:11-18).

Die "*Woord*" waarvan die Here Jesus in Joh. 17:14 spreek is geen *Evangelie-woord* wat verkondig moes word nie, maar wel die Woord van God waardeur die dissipels reiniging ontvang het (Joh. 15:3). Die Evangelie en die verkondiging daarvan aan die hele mensdom is eers na die kruisiging en opstanding van Christus gegee (Matth. 28: 18-20; Mark. 16:15,20).

Tussen die tyd van die gebed van die Meester in Joh. 17 en die bevel om die Evangelie te verkondig soos ons dit vind in Matth. 28, het daar nog tragiese tonele van verlating en verloëning deur 'n Sy dissipels plaasgevind (Matth. 26 :74). Eers nadat die Here Jesus Sy volgelingen gedoop het met die Heilige Gees (Hand. 1:13-15; 2:1-4) het hulle verkondigers en getuies geword van die Evangelie. Al hierdie predikers en getuies was beslis nie almal Apostels nie, want die gemeente van Jerusalem was verstrooi, behalwe die Apostels (Hand. 8: 1).

En diegene wat verstrooi is—let op nie die Apostels nie—het die woord van die Evangelie verkondig (Hand. 8:4). Die mens het geen middellaar nodig om Christus te aanbid, deur die maagd Maria, die Pous of 'n hedendaagse "apostel" nie. Jesus is self die Middellaar wat vir ons intree by die Vader. Heb. 7:25: *"Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree."* Jesus leef vir ewig en daarom het ons nie behoefte aan mense om vir ons in te tree nie.

KATEGISMUS

Vraag 55: Waarin bestaan die sleutel van die Koninkryk van die Hemelen?

Antwoord: In die antwoord: "Wat u sal bind op die aarde sal in die Hemelen gebind word; wat U ontbind op die aarde sal in die Hemelen ontbind word" (Matth. 16:19).

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

As die mens nie die middellaar-storie van hierdie dweepsieke sekte wil aanneem nie, dan maak hulle gewoonlik 'n gebaar met die hand in die lug en voeg daarby: "Ek het die hemel vir jou gesluit." Die woorde in Matth. 16:19 is

net aan een persoon gese, nl. aan Petrus. As hulle dus die teks na die letter wil neem, waar kry hulle die reg om dit in die algemeen toe te pas? Elke "aposteltjie" loop nou skielik rond met 'n sleutel wat hy dan na willekeur kan gebruik.

Die Roomse kerk wat op hierdie teks bou, het 'n Pous wat sogenaamd die Petrus-skoene aantrek, maar waar is die Petrus in die apostelkerk? Laat ons die Skrif raadpleeg in verband met die betekenis en uitleg van die teks in Matth. 16:19.

Let op, Jesus sê nie dat Hy op hierdie stadium die sleutels aan Petrus gee nie, maar, "*Ek sal jou die sleutels van die Koninkryk gee.*" Die belofte wys dus in die toekoms. Wat is hierdie sleutels? Is dit iets, wat aan mense gegee word en na willekeur kan gebruik word net na hulle goedgeskik? In Matth. 23:13 sê die Here Jesus vir die Skrifgeleerdes en

die Fariseërs: "*Julle sluit die Koninkryk van die Hemele toe voor die mense: Want julle gaan self nie in, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.*" Volgens hierdie woorde van die Meester wil dit dus voorkom asof die Skrifgeleerdes en Fariseërs *reeds die sleutels van die Koninkryk van die Hemele het*, anders hoe sou hulle kon toesluit?

Lukas 11 :52 los egter die hele probleem op, want vir hierdie krom en verdraaide sekte is dit skynbaar 'n probleem. Hier sê die Meester: "*Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggehaal.*" Omdat die Skrifgeleerdes en Fariseërs die Skrifte goed geken het, was hulle in staat om aan die volk te verklaar of Jesus die Christus is, maar het die volk daarenteen geleer dat Jesus maar net die seun van Josef en Maria is. Op hierdie wyse het hulle die volk ontnem van die kennis van die Seun van God, die Saligmaker en Verlosser van Israel, asook die geloof in Hom wat so noodsaaklik is vir die Saligheid (Joh. 3:36).

Die Apostel Petrus was 'n ongeletterde man en dit was nodig dat die Here Jesus sy verstand sou open om die Skrifte te verstaan sodat hy die kennis wat tot saligheid strek aan die mense kon verkondig. Dit het die Meester dan ook gedoen (Luk. 24 :44-45).

En deur hierdie kennis van die Skrifte dan kon hy op Pinksterdag die hemel oopsluit vir drieduisend siele (Hand. 2: 14-41).

Hierdie sleutels wat aan Petrus belowe was, is dus niks anders as die kennis van saligheid nie. Dit is die eerste aan Petrus belowe omdat hy die eerste was om te erken en bely dat Jesus die Christus is (Matth. 16: 16). Hierdie kennis was nie net die eiendom van Petrus nie, maar ook die van elke gelowige wat saam met hom kon se: "*U is die Christus, die Seun van die Lewende God.*"

Die sleutel tot die koninkryk van God vind u in Matth. 28:18-20; Mark. 16:15-20. Die dissipels moes die Evangelie van Christus verkondig, die wat die Evangelie aanneem moes gedoop word en is sodoende gered. Die Evangelie van Christus, of lievers Christus self, is dus die sleutel tot die Koninkryk van

die Hemele.

"Ek is die eerste en die laaste, en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en die dood " (Open. 1:17, 18).

Dit is duidelik uit wat Christus hier aan Johannes sê op die eiland van Patmos, dat Hy die sleutels het van die doderyk en die dood. In Open. 3:7 lees ons soos volg: *"Dit se die heilige, die waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie"* (Jes. 22 :22) In Open. 9: 1 lees ons: *"En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die Hemel op die aar-de geval het, en aan Hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee."* Uit die voorafgaande tekste is dit duidelik dat Jesus self al die sleutels besit. *Eerstens* besit Hy die sleutel van die doderyk en die dood, en *Tweedens* besit Hy die sleutel van die afgrond, en *Derdens* besit Hy die sleutel tot die Koninkryk van God, want Hy sluit oop en niemand sluit toe nie, en Hy sluit toe en niemand sluit oop nie. Christus het dus die sleutel van die mag en gesag in en oor Sy kerk. Die manier waarop Hy hierdie gesag handhaaf is bewys van Sy absolute Soewereiniteit oor Sy Kerk op aarde, en bewys ook daarvan dat hierdie mag nie aan nense behoort nie, mense wat die alleen-reg, mag, outoriteit en Soewereiniteit van God-Drie-Enig wil oordra aan sondige sterflike mense nie.

KATEGISMUS

Vraag 56: *Wat beteken die Woorde van Christus: "Wat van vlees gebore is, is vlees, en die wat van gees gebore is, is gees"?*

Antwoord: Dit beteken twee geboortes, een na die vlees en een na die gees.

Vraag 57: *Hoe kan ons wedergebore word?*

Aotwoord: Jesus se tot Nikodemus: "As iemand nie wedergebore word uit water en gees nie, kan hy nie in die Koninkryk van God ingaan nie" (Joh. 3:5).

Vraag 58: *Wat beteken dit: Gebore te word uit water en Gees?*

Antwoord: Dit beteken die waterdoop en die geestesdoop.

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Hier wil ons aan die apostelkerk se: *" Julle weet die weg maar bewandel dit nie."* Die doping in die Heilige Gees vorm egter nie deel van die wedergeborente nie. Die doping met die Heilige Gees is 'n belofte aan wedergeborenes. Die mens word *uit* die Gees gebore en nie *van* die Gees nie (Hand. 2:38-39). Die Heilige Gees is hier die Moeder en uit

Sy oortuigingskrag (Joh. 16:7-8) word kinders van God voortgebring soos in Hand. 2:37-38 gebeur het. So ook word ons uit water, en nie van water gebore nie.

KATEGISMUS

Vraag 59: *Ontvang ons deur die waterdoop die Heilige Gees?*

Antwoord: Nee, want die waterdoop is die Johannesdoop en is die doop tot boete.

Vraag 60: *Wat ontvang ons deur die waterdoop?*

Antwoord: Die Naam van Jesus.

Vraag 61: *Wat ontvang ons deur die geestesdoop?*

Antwoord: Die Heilige Gees.

Vraag 62: *Hoe is die geestesdoop nog verder genoem?*

Antwoord: Dit is die Christus doop, ook verseëling genoem.

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Dat iemand wat in water gedoop is, nie ook vanselfsprekend met die Heilige Gees gedoop is nie, is baie duidelik. Die apostelkerk wil voorgee dat by elke geleentheid--hetsy die waterdoop of die Geesdoop--die kandidaat iets tasbaars ontvang.

Die waterdoop is geen "Johannesdoop" nie. Die doop van Johannes is van God wat hom gestuur het om te doop (Joh. 1:33). In Matth. 28: 19 het Christus self die bevel gegee om te doop, en ook die wyse van doop. Die waterdoop gaan nie gepaard met 'n belofte nie, want dit is 'n bevel. Die waterdoop is 'n simboliese begrafnis van die sondige mens, en die doopkandidaat toon aan die wêreld dat net so seker as wat hy in die watergraf afdal, net so seker is sy sonde wegge--was deur die Bloed van Christus (Hand. 23: 16; Rom. 6: 1-4).

Vir die apostelkerk wat beweer dat iemand Jesus gesien het as jy een van hulle "apostels" gesien het, pas die bewering dat die mens die naam van Jesus ontvang by die doop. Maar die ware wedergebore siel verwerp so iets as 'n onding. Waar die "apostelkerk" die "christendoop" kry is onbekend.

Moontlik bestaan dit in hulle *Opinie-Bybel* of "*Apostel-woord*;" maar nêrens in die Heilige Skrif nie. Ons word deur die Vader in Christus bevestig en verseël, en die Heilige Gees word dan aan ons gegee as onderpand (II Kor, 1:22; Efe. 1:12-14; 4:30). Juis om hierdie rede kan die ongeredde mens nie die Heilige Gees ontvang, omdat hulle nie aan die Heilige Gees behoort nie (Joh. 14:16-17).

Die Heilige Gees word deur die Vader aan die wedergebore mens geskenk sodat hy met krag toegerus kan wees (Hand. 1:18). Ook is daar gawes wat uitgedeel word soos Hy wil (I Kor. 12:1-11).

KATEGISMUS

Vraag 63: *Hoe ontvang ons die Geestesdoop?*

Antwoord: *Deur die handoplegging van die Apostels.*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

Die gawe van die Heilige Gees is nie onderhewig aan die oplegging van die hande van die Apostel nie; dit is 'n regstreekse gawe van God (Hand. 10:44-

45).

Op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is, was daar geen oplegging van hande nie. Dit was 'n Soewereine Godsdaad. Cornelius en sy huis het die belofte van die Heilige Gees ontvang sonder handoplegging (Hand. 10:44-46).

Nog die Meester nog Sy dissipels het bevel gegee, of die belofte van die doping in die Heilige Gees onderhewig gemaak aan die oplegging van hande of deur "hedendaagse apostels" of priesters, of selfs die Pous nie. Ontelbare bloedgewastes het deur die eeue, en baie eeue voordat daar 'n "apostelkerk" ontstaan het, die belofte van die Heilige Gees ontvang sonder die oplegging van die hedendaagse valse "apostels".

KATEGISMUS

Vraag 64: *Wat is ons bewys dat ons die Heilige Gees ontvang het?*

Antwoord: *Die uitwerking van die Heilige Gees in die geestesgawes en kragte (1 Kor. 12; Joel 2:28; Hand. 19:6). Hulle spreek met vreemde tale en profeteer.*

Vraag 65: *Hoekom is die Geeste gawe en kragte nie in die ander kerkgenootskappe te vind nie?*

Antwoord: *Omdat Christus die gawe en kragte net aan Sy Bruidsgemeente toevertrou as die Bruidteken, dit word haar toegedeel deur die Bruidswerkers, Sy Apostels.*

SKRIFTUURLIKE VERKLARING

In hierdie twee laaste vrae en antwoorde skemer die laaste ligstrale van die eertydse stigter, Eerw. Edward Irving, nou deur.

Ongelukkig tog dat die hedendaagse "apostels" nie beter bekend is met die lewe van Irving nie, anders sou hulle skaamrooi word vir hul eie lewens wat soos 'n donker gordyn die ware Evangelie toehang. Van die eertydse welmenende Christelike lewe van die stigter het nog net die woord "apostel" aan hierdie ontklede kerk bly hang. Die spreek met ander tale en profesie is nog net te vinde in hulle kategismus, maar oor hulle dienste en daaglikse lewe staan geskrywe: "*In Memoriam*," met profesie en ander tale sorgvuldig in die doodkis van sonde weggebere.

Watter bewys het hulle dus dat hulle die Heilige Gees ontvang het? Nêrens in die Bybel lees ons van *Bruidswerkers* of *Bruidgemeente* nie.

Die Heilige Gees is die belofte aan almal wat in die Here Jesus glo en gedoopt is (Hand. 2 :38, 39).

Baie het die doping met die Heilige Gees ontvang nog lank voordat hulle in water gedoopt is (Hand. 10:44-46).

Hierdie ondervinding was by alle herlewings aanwesig, bv. die groot herlewing in Wallis. Die herlewing in Suid-Afrika in die tyd van wyle dr. Andrew Murray, en so meer.

Die naam "apostel" kan dus nie met die Heilige Gees *verbind* word nie.

OPSOMMING

Liewe leser, die doel van hierdie skrywe is nie om modder te gooi nie, maar om welmenende mense wat mislei word deur die dwaling van die " Twaalf Apostelkerk " te help om die waarheid van Godswoord te sien en aan te neem. In 1835 was daar 'n godsdienstige beweging, wat uiteindelik uitgeloop het op wat vandag bekend staan as die " Twaalf Apostelkerk." Hierdie beweging het baie veranderings ondergaan totdat eindelijk daaruit gebore is die huidige "apostelkerk," wat weereens soveel veranderings ondergaan het, en vandag in twee groepe bestaan in Suid-Afrika, die Ou- en Nuwe Apostoliese Kerk. Laat ons aanneem dat die laaste Apostel van Christus ongeveer 100 n.C. gesterwe het, en nou, byna sewentienhonderd jaar later, word twaalf mense aangestel en sogenaamd mag gegee om uit te gaan om mense hul sondes te vergewe, te verseël, ens. Kan u as regdenkende mens nou aanneem dat die Alwyse God die wêreld vir meer as sewentienhonderd jaar in duisternis sou laat terwyl daar nie 'n "apostelkerk" was nie? Moet ons aanneem dat al die mense, en hierby ingesluit al die duisende martelare wat vir die naam van Christus gesterwe het, verlore gegaan het omdat daar nie 'n "apostel" was wat hulle sondes kon vergewe en verseël nie?

Liewe leser, sal u nie u eie posisie in heroorweging neem nie? U siel is veels te kosbaar om mee te dobbel. Moet nie die heil en redding van u siel in die hande van sterfiike en sondige mense laat nie. Kniel neer voor die grote God en bid om leiding. Vra Hom om Sy lig aan u te skenk sodat u Jesus kan vind as die enigste Saligmaker en Verlosser.

My bede is dat u hierdie boekie sal ondersoek met 'n onbevooroordeelde hart. Mag die Lig van die Ewige God die inhoud hiervan vir u helder verlig.

ANDER DWAALLEERBOEKE:

Die Dwaling van Jesus Only F. P. Moller

Die Dwaling van Jehova se Getuies F. W. Werner

Die Dwaling van die Sewendedag Adventiste F. W. Werner

Die Dwaling van die Mormoonse Kerk F. W. Werner

35c elk.

Verkrygbaar van:

EVANGELIE UITGEWERS

Stiemensstraat 21A Braamfontein, Tvl.

